Die persentasie steun van respondente wat aangedui het dat hulle **beslis saamstem** met die stelling was soos volg: welsyn (n=1, 100%), joernaliste (n=3, 60.0%), studenterade (n=2, 50.0%), kultuurorganisasies (n=2, 40.0%) en besigheid (n=1, 12.5%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nie saamstem nie** was vakbonde (n=1, 25.0%), kultuurorganisasies (n=1, 20.0%) en besigheid (n=1, 12.5%).

Slegs besigheid (n=1, 12.5%) het met 'n klein persentasie **definitief nie saamstem** met die stelling dat die NG Kerk eenheid in die kerk bevorder nie.

q8_14 Die NG Kerk bevorder eenheid in die kerk

	Besigheid		Regering		Vakbonde		Kultuurorganisasies		Studentenrade		Joernaliste		Welsyn		Kerke		Totaal	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
Stem beslis saam	1	12.5	-	-	-	-	2	40.0	2	50.0	3	60.0	1	100	-	-	9	23.1
Stem saam	2	25.0	-	-	1	25.0	2	40.0	1	25.0	1	20.0	-	-	5	45.5	12	30.8
Stem nóg saam nóg verskil	3	37.5	1	100	2	50.0	-	-	1	25.0	1	20.0	-	-	6	54.5	14	35.9
Stem nie saam nie	1	12.5	-	-	1	25.0	1	20.0	-	-	-	-	-	-	-	-	3	7.7
Stem definitief nie saam nie	1	12.5	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	2.6
Totaal	8	100	1	100	4	100	5	100	4	100	5	100	1	100	11	100	39	100

3.1.30 NG Kerk is konserwatief

Die meerderheid van die respondente onder die belanghebbegroep stem saam (n=13, 32.5%) en stem beslis saam (n=6, 15.0%) dat die NG Kerk konserwatief is, terwyl 'n aansienlike persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=8, 20.0%) van die standpunt. 'n Verdere redelike persentasie stem definitief nie saam (n=7, 17.5%) en stem nie saam (n=6, 15.0%) dat die NG Kerk konserwatief is nie.

Die persentasies wat saamstem (n=13, 32.5%) en beslis saamstem (n=6, 15.0%), saamgelees met die persentasie wat nóg saamstem nóg verskil (n=8, 20.0%) van die standpunt dui daarop dat die meerderheid van mening is dat die NG Kerk wel konserwatief is.

Met die uitsondering van die regering, joernaliste en welsyn het al die groepe aangedui dat hulle **saamstem** dat die NG Kerk konserwatief is. Die mate waartoe hulle die standpunt gesteun het was kerke (n=7, 63.6%), vakbonde (n=2, 40.0%), besigheid (n=2, 25.0%), studenterade (n=1, 25.0%) en kultuurorganisasies (n=1, 20.0%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nóg saamstem nóg verskil** van die standpunt dat die NG Kerk konserwatief is was kerke (n=3, 27.3%), besigheid (n=2, 25.0%), studenterade (n=1, 25.0%), vakbonde en joernaliste (beide n=1, 20.0%).

Met die uitsondering van besigheid en die regering het al die groepe aangedui dat hulle **definitief nie saamstem** met die stelling dat die NG Kerk konserwatief is nie. Die mate waartoe hulle die standpunt gesteun het was welsyn (n=1, 100%), joernaliste (n=2, 40.0%), studenterade (n=1, 25.0%), vakbonde en kultuurorganisasies (beide n=1, 20.0%) en kerke (n=1, 9.1%).

Die persentasie steun van respondente wat aangedui het dat hulle **beslis saamstem** met die stelling was soos volg: regering (n=1, 100%), kultuurorganisasies (n=2, 40.0%), studenterade (n=1, 25.0%), joernaliste (n=1, 20.0%) en besigheid (n=1, 12.5%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nie saamstem nie** met die standpunt dat die NG Kerk konserwatief is nie was besigheid (n=3, 37.5%), vakbonde, kultuurorganisasies en joernaliste (n=1, 20.0%).

q8_15 Die NG Kerk is konserwatief

	Besigheid		Regering		Vakbonde		Kultuur-organisasies		Studentenrade		Joernaliste		Welsyn		Kerke		Totaal	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
Stem beslis saam	1	12.5	1	100	-	-	2	40.0	1	25.0	1	20.0	-	-	-	-	6	15.0
Stem saam	2	25.0	-	-	2	40.0	1	20.0	1	25.0	-	-	-	-	7	63.6	13	32.5
Stem nóg saam nóg verskil	2	25.0	-	-	1	20.0	-	-	1	25.0	1	20.0	-	-	3	27.3	8	20.0
Stem nie saam nie	3	37.5	-	-	1	20.0	1	20.0	-	-	1	20.0	-	-	-	-	6	15.0
Stem definitief nie saam nie	-	-	-	-	1	20.0	1	20.0	1	25.0	2	40.0	1	100	1	9.1	7	17.5
Totaal	8	100	1	100	5	100	5	100	4	100	5	100	1	100	11	100	40	100

3.1.31 NG Kerk ondersteun transformasie in ons gemeenskap

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die belanghebbegroep stem saam (n=16, 40.0%) en stem beslis saam (n=8, 20.0%) dat die NG Kerk transformasie in ons gemeenskap bevorder, terwyl 'n verdere redelike persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=9, 22.5%). Die persentasie wat nie saamstem nie (n=5, 12.5%) en definitief nie saamstem nie (n=2, 5.0%) is klein.

Die oorwegende respons van al die groepe is positief en die meerderheid meen dat die NG Kerk transformasie in ons gemeenskap ondersteun.

Met die uitsondering van die regering, studenterrade en welsyn het al die groepe aangedui dat hulle **saamstem** dat die NG Kerk transformasie in die gemeenskap ondersteun. Die mate waartoe hulle die standpunt gesteun het was kerke (n=8, 72.7%), besigheid (n=4, 50.0%), kultuurorganisasies (n=2, 40.0%), vakbonde en joernaliste (beide n=1, 20.0%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nóg saamstem nóg verskil** van die standpunt dat die NG Kerk transformasie in die gemeenskap ondersteun was die regering (n=1, 100%), vakbonde (n=3, 60.0%), joernaliste (beide n=2, 40.0%), studenterade (n=1, 25.0%), besigheid (n=1, 12.5%) en kerke (n=1, 9.1%).

Die persentasie steun van respondente wat aangedui het dat hulle **beslis saamstem** met die stelling was soos volg: welsyn (n=1, 100%), studenterade (n=2 50.0%), kultuurorganisasies en joernaliste (beide n=2, 40.0%) en kerke (n=1, 9.1%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nie saamstem nie** met die standpunt dat die NG Kerk transformasie in die gemeenskap ondersteun nie was studenterade (n=1, 25.0%), vakbonde en kultuurorganisasies (beide n=1, 20.0%), besigheid (n=1, 12.5%) en kerke (n=1, 9.1%).

Slegs besigheid (n=2, 25.0%) het aangedui dat hulle **definitief nie saamstem** met die standpunt dat die NG Kerk transformasie in die gemeenskap ondersteun nie.

q8_16 Die NG Kerk ondersteun transformasie in ons gemeenskap

	Besigheid		Regering		Vakbonde		Kultuurorganisasies		Studentenrade		Joernaliste		Welsyn		Kerke		Totaal	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
Stem beslis saam	-	-	-	-	-	-	2	40.0	2	50.0	2	40.0	1	100	1	9.1	8	20.0
Stem saam	4	50.0	-	-	1	20.0	2	40.0	-	-	1	20.0	-	-	8	72.7	16	40.0
Stem nóg saam nóg verskil	1	12.5	1	100	3	60.0	-	-	1	25.0	2	40.0	-	-	1	9.1	9	22.5
Stem nie saam nie	1	12.5	-	-	1	20.0	1	20.0	1	25.0	-	-	-	-	1	9.1	5	12.5
Stem definitief nie saam nie	2	25.0	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	2	5.0
Totaal	8	100	1	100	5	100	5	100	4	100	5	100	1	100	11	100	40	100

3.1.32 NG Kerk dra by tot die vorming van 'n positiewe waardestelsel

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die belanghebbegroep stem beslis saam (n=18, 45.0%) en stem saam (n=16, 40.0%) dat die NG Kerk bydra tot die vorming van 'n positiewe waardestelsel, terwyl 'n verdere klein persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=2, 5.0%). Die persentasie wat nie saamstem nie (n=3, 7.5%) en definitief nie saamstem nie (n=1, 2.0%) is klein.

Die response op hierdie vraag is oorweldigend positief teenoor die rol van die NG Kerk in die vorming van 'n positiewe waardestelsel en dui op 'n stabiele fondament wat deur die kerk gelê word.

Al die belanghebbegroep het aangedui het dat hulle **beslis saamstem** met die stelling. Die mate waartoe hulle die standpunt gesteun het was soos volg: die regering en welsyn (n=1, 100%), joernaliste (n=4, 80.0%), studenterade (n=3 75.0%), kultuurorganisasies (n=3, 60.0%), kerke (n=4, 36.4%), vakbonde (n=1, 20.0%) en besigheid (n=1, 12.5%).

Met die uitsondering van die regering en welsyn het al die groepe aangedui dat hulle **saamstem** dat die NG Kerk bydra tot die vorming van 'n positiewe waardestelsel. Die mate waartoe hulle die standpunt gesteun het was vakbonde (n=3, 60.0%), besigheid (n=4, 50.0%), kerke (n=5, 45.5%), kultuurorganisasies (n=2, 40.0%), studenterade (n=1, 25.0%) en joernaliste (n=1, 20.0%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nóg saamstem nóg verskil** van die standpunt dat die NG Kerk bydra tot die vorming van 'n positiewe waardestelsel was besigheid (n=1, 12.5%) en kerke (n=1, 9.1%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nie saamstem nie** met die standpunt dat die NG Kerk bydra tot die vorming van 'n positiewe waardestelsel was vakbonde (n=1, 20.0%), besigheid (n=1, 12.5%) en kerke (n=1, 9.1%).

Slegs besigheid (n=1, 12.5%) het aangedui dat hulle **definitief nie saamstem** met die standpunt dat die NG Kerk bydra tot die vorming van 'n positiewe waardestelsel nie.

q8_17 Die NG Kerk dra by tot die vorming van 'n positiewe waardestelsel

	Besigheid		Regering		Vakbonde		Kultuur-organisasies		Studentenrade		Joernaliste		Welsyn		Kerke		Totaal	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
Stem beslis saam	1	12.5	1	100	1	20.0	3	60.0	3	75.0	4	80.0	1	100	4	36.4	18	45.0
Stem saam	4	50.0	-	-	3	60.0	2	40.0	1	25.0	1	20.0	-	-	5	45.5	16	40.0
Stem nóg saam nóg verskil	1	12.5	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	9.1	2	5.0
Stem nie saam nie	1	12.5	-	-	1	20.0	-	-	-	-	-	-	-	-	1	9.1	3	7.5
Stem definitief nie saam nie	1	12.5	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	2.5
Totaal	8	100	1	100	5	100	5	100	4	100	5	100	1	100	11	100	40	100

3.1.33 NG Kerk is 'n plek waar verskillende groepe welkom voel

Die meerderheid van die respondente onder die belanghebbergroepe stem saam (n=7, 17.5%) en stem beslis saam (n=7, 17.5%) dat die NG Kerk 'n plek is waar verskillende groepe welkom voel, terwyl 'n groter persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=10, 25.0%). Die grootste enkele persentasie is egter die wat nie saamstem nie (n=12, 30.0%) en definitief nie saamstem nie (n=4, 10.0%).

Die oorwig van mening blyk te wees dat die NG Kerk 'n plek is waar verskillende groepe nie welkom voel nie.

Met die uitsondering van die regering en welsyn het al die groepe aangedui dat hulle **nie saamstem** dat die NG Kerk 'n plek is waar verskillende groepe welkom voel nie. Die mate waartoe hulle die standpunt gesteun het was studenterade (n=2, 50.0%), vakbonde en kultuurorganisasies (beide n=2, 40.0%), kerke (n=4, 36.4%) en besigheid (n=1, 12.5%).

Slegs kerke (n=5, 45.5%), joernaliste (n=2, 40.0%) en besigheid (n=3, 37.5%) het aangedui dat hulle **nóg saamstem nóg verskil** van die standpunt dat die NG Kerk 'n plek is waar verskillende groepe welkom voel.

Die groepe wat aangedui het dat hulle **saamstem** met die standpunt dat die NG Kerk 'n plek is waar verskillende groepe welkom voel was vakbonde (n=2, 40.0%), besigheid (n=2, 25.0%), vakbonde (n=2, 40.0%) en kerke (n=2, 18.2%).

Die belanghebbegroep wat aangedui het dat hulle **beslis saamstem** met die stelling was soos volg: welsyn (n=1, 100%), studenterade (n=2, 50.0%), kultuurorganisasies en joernaliste (beide n=2, 40.0%).

Slegs die regering (n=1, 100%), besigheid (n=2, 25.0%) en vakbonde (n=1, 20.0%) het aangedui dat hulle **definitief nie saamstem** met die standpunt dat die NG Kerk 'n plek is waar verskillende groepe welkom voel nie.

q8_18 Die NG Kerk is 'n plek waar verskillende groepe welkom voel

	Besigheid		Regering		Vakbonde		Kultuur-organisasies		Studentenrade		Joernaliste		Welsyn		Kerke		Totaal	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
Stem beslis saam	-	-	-	-	-	-	2	40.0	2	50.0	2	40.0	1	100	-	-	7	17.5
Stem saam	2	25.0	-	-	2	40.0	1	20.0	-	-	-	-	-	-	2	18.2	7	17.5
Stem nóg saam nóg verskil	3	37.5	-	-	-	-	-	-	-	-	2	40.0	-	-	5	45.5	10	25.0
Stem nie saam nie	1	12.5	-	-	2	40.0	2	40.0	2	50.0	1	20.0	-	-	4	36.4	12	30.0
Stem definitief nie saam nie	2	25.0	1	100	1	20.0	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	4	10.0
Totaal	8	100	1	100	5	100	5	100	4	100	5	100	1	100	11	100	40	100

3.1.34 NG Kerk word gekniehalter deur sy verlede

Die meerderheid van die respondente onder die algemene publiek stem beslis saam (n=22, 55.0%) en stem saam (n=6, 15.0%) met die standpunt dat die NG Kerk gekniehalter word deur sy verlede. 'n Klein persentasie stem nóg saam nóg verskil (n=3, 7.5%) van die standpunt terwyl 'n redelike persentasie nie saamstem nie (n=5, 12.5%) en definitief nie saamstem nie (n=4, 10.0%).

Die reaksie van die respondente dui baie duidelik daarop dat die NG Kerk se verlede hom kniehalter en dat hy deur sy optrede sal moet bewys dat hy 'n toekomsvisie en taak vir homself in die nuwe Suid-Afrika sien. Hierdie visie en taak moet uitgelewe word in die breë gemeenskap.

Met die uitsondering van welsyn het al die groepe aangedui dat hulle **beslis saamstem** dat die NG Kerk se verlede hom kniehalter. Die mate waartoe hulle die standpunt gesteun het was joernaliste (n=5, 100%), regering (n=1, 100%), vakbonde (n=3, 60.0%), kerke (n=6, 54.5%), besigheid (n=4, 50.0%), kultuurorganisasies (n=2, 40.0%) en studenterade (n=1, 25.0%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **saamstem** met die standpunt dat die NG Kerk se verlede hom kniehalter was kultuurorganisasies (n=2, 40.0%), vakbonde (n=1, 20.0%), kerke (n=2, 18.2%) en besigheid (n=1, 12.5%).

Die belanghebbegroep wat aangedui het dat hulle **nie saamstem** met die stelling nie was soos volg: welsyn (n=1, 100%), vakbonde (n=1, 20.0%), kerke (n=2, 18.2%) en besigheid (n=1, 12.5%).

Stuenterade (n=2, 50.0%), kultuurorganisasies (n=1, 20.0%) en besigheid (n=1, 12.5%) het aangedui dat hulle **definitief nie saamstem** met die standpunt dat die NG Kerk se verlede hom kniehalter nie.

Slegs stuenterade (n=1, 25.0%), besigheid (n=1, 12.5%) en kerke (n=1, 9.1%), het aangedui dat hulle **nóg saamstem nóg verskil** van die standpunt dat die NG Kerk se verlede hom kniehalter.

q8_19 Die NG Kerk word gekniehalter deur sy verlede

	Besigheid		Regering		Vakbonde		Kultuurorganisasies		Stuenterade		Joernaliste		Welsyn		Kerke		Totaal	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
Stem beslis saam	4	50.0	1	100	3	60.0	2	40.0	1	25.0	5	100	-	-	6	54.5	22	55.0
Stem saam	1	12.5	-	-	1	20.0	2	40.0	-	-	-	-	-	-	2	18.2	6	15.0
Stem nóg saam nóg verskil	1	12.5	-	-	-	-	-	-	1	25.0	-	-	-	-	1	9.1	3	7.5
Stem nie saam nie	1	12.5	-	-	1	20.0	-	-	-	-	-	-	1	100	2	18.2	5	12.5
Stem definitief nie saam nie	1	12.5	-	-	-	-	1	20.0	2	50.0	-	-	-	-	-	-	4	10.0
Totaal	8	100	1	100	5	100	5	100	4	100	5	100	1	100	11	100	40	100

3.1.35 Algemene persepsie van predikante van NG Kerk

Die meerderheid van die respondente onder die belanghebbegroep se persepsie van predikante van die NG Kerk is goed (n=20, 48.8%) en baie goed (n=5, 12.2%), terwyl 'n verdere 12.2% (n=5) meen dat hulle nóg goed nóg sleg is. 'n Klein persentasie (n=4, 9.8%) meen dat die predikante sleg is en 'n verdere 4.9% (n=2) dat hulle baie sleg is.

12.2% (n=5) van die respondente het aangedui dat hulle onbelangstellend is of nie weet nie.

Gemelde negatiewe persepsies word oorskadu deur die positiewe persepsies wat geopper is.

Met die uitsondering van die regering, het alle groepe aangedui dat die algemene persepsie van predikante van die NG Kerk **goed** is. Die mate waartoe hulle die standpunt gesteun het was soos volg: welsyn (n=1, 100%), kerke (n=9, 81.8%), joernaliste (n=4, 80.0%), kultuurorganisasies (n=3, 60.0%), studenterade (n=1, 25.0%), vakbonde (n=1, 20.0%) en besigheid (n=1, 12.5%).

Studenterade (n=2, 50.0%), vakbonde en kultuurorganisasies (beide n=1, 20.0%) en besigheid (n=1, 11.1%) het aangedui dat die algemene persepsie van predikante van die NG Kerk **baie goed** is.

Groepe wat aangedui het dat hulle siening van die predikante **nóg goed nóg sleg** is was studenterade (n=1, 25.0%), besigheid (n=2, 22.2%) en kerke (n=2, 18.2%).

Vakbonde, kultuurorganisasies en joernaliste (almal n=1, 20.0%) en besigheid (n=1, 11.1%) het aangedui dat hulle algemene persepsie van predikante van die NG Kerk **sleg** is.

Slegs die regering (n=1, 100%) en besigheid (1, 11.1%) het aangedui dat hulle siening van die predikante van die NG Kerk **baie sleg** is.

Respondente wat **onbelangstellend** was of **nie geweet** het nie was uit die vakbonde (n=2,40.0%) en besigheid (n=3, 33.3%).

q9 U algemene persepsie van predikante van NG Kerk is

	Besigheid		Regering		Vakbonde		Kultuurorganisasies		Studentenrade		Joernaliste		Welsyn		Kerke		Totaal	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
Baie goed	1	11.1	-	-	1	20.0	1	20.0	2	50.0	-	-	-	-	-	-	5	12.2
Goed	1	11.1	-	-	1	20.0	3	60.0	1	25.0	4	80.0	1	100	9	81.8	20	48.8
Nóg goed nóg sleg	2	22.2	-	-	-	-	-	-	1	25.0	-	-	-	-	2	18.2	5	12.2
Sleg	1	11.1	-	-	1	20.0	1	20.0	-	-	1	20.0	-	-	-	-	4	9.8
Baie sleg	1	11.1	1	100	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	2	4.9
Onbelangstellend/weet nie	3	33.3	-	-	2	40.0	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	5	12.2
Totaal	9	100	1	100	5	100	5	100	4	100	5	100	1	100	11	100	41	100

3.1.36 Dit sou baie saak maak indien die NG Kerk sou ophou bestaan

Die meerderheid van die respondente onder die belanghebbegroep stem beslis saam (n=23, 56.1%) en stem saam (n=5, 12.2%) dat dit baie saak sou maak indien die NG Kerk sou ophou bestaan, terwyl 'n verdere klein persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=2, 4.9%). Die persentasie wat nie saamstem nie (n=7, 17.1 %) en definitief nie saamstem nie (n=4, 9.8%) is baie klein.

Die belanghebbegroep wat meen dat dit baie sou saak maak indien die NG Kerk sou ophou bestaan is ver in die meerderheid. Hierdie response dui op die algemene waarde wat die groepe aan die rol van die kerk in die samelewing in die breë heg.

Met die uitsondering van welsyn het al die belangegroep **beslis saamgestem** dat dit baie sou saak maak indien die NG Kerk sou ophou bestaan. Die mate waartoe die groepe die standpunt ondersteun het was soos volg: die regering (n=1, 100%), joernaliste (n=4, 80.0%), studenterade (n=3, 75.0%), kerke (n=7, 63.6%), besigheid (n=5, 55.6%), kultuurorganisasies (n=2, 40.0%) en vakbonde (n=1, 20.0%).

Die groepe wat **nie** met die stelling **saamgestem** het **nie** was welsyn (n=1, 100%), vakbonde (n=3, 60.0%), kultuurorganisasies (n=2, 40.0%) en besigheid (n=1, 11.1%).

Slegs studenterade (n=1, 25.0%), besigheid (n=2, 22.2%) en kerke (n=2, 12.2%) het **saamgestem** dat dit baie sou saak maak indien die NG Kerk sou ophou bestaan.

Kultuurorganisasies (n=1, 20.0%), kerke (n=2, 18.2%) en besigheid (n=1, 11.1%) het **definitief nie saamgestem** dat dit baie sou saak maak indien die NG Kerk sou ophou bestaan nie.

Groepe wat aangedui het dat hulle **nóg saam stem nóg verskil** was vakbonde en joernaliste (beide n=1, 20.0%)

q10_1 Dit sou baie saak maak indien die NG Kerk sou ophou bestaan

	Besigheid		Regering		Vakbon- de		Kultuur- organisa- sies		Studente- rade		Joernalis- te		Welsyn		Kerke		Totaal	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
Stem beslis saam	5	55.6	1	100	1	20.0	2	40.0	3	75.0	4	80.0	-	-	7	63.6	23	56.1
Stem saam	2	22.2	-	-	-	-	-	-	1	25.0	-	-	-	-	2	18.2	5	12.2
Stem nóg saam nóg verskil	-	-	-	-	1	20.0	-	-	-	-	1	20.0	-	-	-	-	2	4.9
Stem nie saam nie	1	11.1	-	-	3	60.0	2	40.0	-	-	-	-	1	100	-	-	7	17.1
Stem definitief nie saam nie	1	11.1	-	-	-	-	1	20.0	-	-	-	-	-	-	2	18.2	4	9.8
Totaal	9	100	1	100	5	100	5	100	4	100	5	100	1	100	11	100	41	100

3.1.37 NG Kerk is toegewy aan die God van die Bybel

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die belanghebbegroep stem beslis saam (n=19, 46.3%) en stem saam (n=17, 41.5%) dat die NG Kerk toegewy is aan die God van die Bybel, terwyl 'n verdere klein persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=2, 4.9%). Die persentasie wat nie saamstem nie (n=2, 4.9%) en definitief nie saamstem nie (n=1, 2.4%) is baie klein.

Die meerderheid van die groepe respondente is dus van mening dat die kerk hom bepaal by sy roeping.

Met die uitsondering van welsyn het al die belangegroep **beslis saamgestem** dat die NG Kerk toegewy is aan die God van die Bybel. Die mate waartoe die groepe die standpunt ondersteun het was soos volg: die regering (n=1, 100%), joernaliste (n=5, 100%), kultuurorganisasies (n=3, 60.0%), studenterrade (n=2, 50.0%), besigheid (n=4, 44.4%), kerke (n=3, 27.3%) en vakbonde (n=1, 20.0%).

Groepe wat aangedui het dat hulle **saamstem** dat die NG Kerk toegewy is aan die God van die Bybel is welsyn (n=1, 100%), kerke (n=6, 54.5%), studenterade (n=2, 50.0%), besigheid (n=4, 44.4%), vakbonde en kultuurorganisasies (beide n=2, 40.0%).

Groepe wat aangedui het dat hulle **nóg saam stem nóg verskil** was vakbonde (n=1, 20.0%) en kerke (n=1, 9.1%).

Die groepe wat **nie** met die stelling **saamgestem** het **nie** was vakbonde (n=1, 20.0%) en besigheid (n=1, 11.1%).

Kerke (n=1, 9.1%) was die enigste groep wat **definitief nie saamgestem** dat die NG Kerk toegewy is aan die God van die Bybel nie.

q10_2 Die NG Kerk is toegewy aan die God van die Bybel

	Besigheid		Regering		Vakbonde		Kultuurorganisasies		Studentenrade		Joernaliste		Welsyn		Kerke		Totaal	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
Stem beslis saam	4	44.4	1	100	1	20.0	3	60.0	2	50.0	5	100	-	-	3	27.3	19	46.3
Stem saam	4	44.4	-	-	2	40.0	2	40.0	2	50.0	-	-	1	100	6	54.5	17	41.5
Stem nóg saam nóg verskil	-	-	-	-	1	20.0	-	-	-	-	-	-	-	-	1	9.1	2	4.9
Stem nie saam nie	1	11.1	-	-	1	20.0	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	2	4.9
Stem definitief nie saam nie	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	9.1	1	2.4
Totaal	9	100	1	100	5	100	5	100	4	100	5	100	1	100	11	100	41	100

3.1.38 NG Kerk gee om vir mense

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die belanghebbegroep stem beslis saam (n=17, 43.6%) en stem saam (n=14, 35.9%) dat die NG Kerk omgee vir mense, terwyl 'n verdere klein persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=3, 7.7%). Die persentasie wat nie saamstem nie (n=4, 10.3%) en definitief nie saamstem nie (n=1, 2.6%) is baie klein.

Die meerderheid van die belanghebbegroep is oortuig dat die NG Kerk sy omgee vir mense uitleef.

Met die uitsondering van welsyn het al die belangegroep **beslis saamgestem** dat die NG Kerk omgee vir mense. Die mate waartoe die groepe die standpunt ondersteun het was soos volg: die regering (n=1, 100%), joernaliste (n=8, 80.0%), studenterade (n=2, 66.6%), besigheid (n=4, 44.4%), kultuurorganisasies (n=2, 40.0%), kerke (n=3, 27.3%) en vakbonde (n=1, 25.0%).

Al die groepe behalwe die regering het aangedui dat hulle **saamstem** dat die NG Kerk omgee vir mense. Die mate waartoe die groepe die standpunt ondersteun het was soos volg: welsyn (n=1, 100%), kultuurorganisasies (n=3, 60.0%), kerke (n=5, 45.5%), studenterade (n=1, 33.3%), vakbonde (n=1, 25.0%), besigheid (n=2, 22.2%) en joernaliste (n=1, 20.0%).

Die groepe wat **nie** met die stelling **saamgestem** het **nie** was vakbonde (n=2, 40.0%), besigheid (n=1, 11.1%) en kerke (n=1, 9.1%).

Groepe wat aangedui het dat hulle **nóg saam stem nóg verskil** was kerke (n=2, 18.2%) en besigheid (n=1, 11.1%).

Besigheid (n=1, 11.1%) was die enigste groep wat **definitief nie saamgestem** dat die NG Kerk omgee vir mense nie.

q10_3 Die NG Kerk gee om vir mense

	Besigheid		Regering		Vakbon- de		Kultuur- organisa- sies		Studente- rade		Joernalis- te		Welsyn		Kerke		Totaal	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
Stem beslis saam	4	44.4	1	100	1	25.0	2	40.0	2	66.7	4	80.0	-	-	3	27.3	17	43.6
Stem saam	2	22.2	-	-	1	25.0	3	60.0	1	33.3	1	20.0	1	100	5	45.5	14	35.9
Stem nóg saam nóg verskil	1	11.1	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	2	18.2	3	7.7
Stem nie saam nie	1	11.1	-	-	2	50.0	-	-	-	-	-	-	-	-	1	9.1	4	10.3
Stem definitief nie saam nie	1	11.1	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	2.6
Totaal	9	100	1	100	4	100	5	100	3	100	5	100	1	100	11	100	39	100

3.1.39 Media dra ‘n positiewe beeld van die NG Kerk oor

Die meerderheid van die respondente onder die belanghebbegroepes stem nóg saam nóg verskil (n=11, 28.9%) van die standpunt dat die media ‘n positiewe beeld van die NG Kerk uitdra. Die persentasie wat nie definitief nie saamstem nie (n=11, 28.9%) en nie saamstem nie (n=10, 26.3%) dui ondubbelsinnig daarop dat die rol wat die media teenoor die NG Kerk speel nie positief ervaar word nie. Die persentasie groepe wat met die stelling saamstem is relatief laag (n=5, 13.2%) en die wat beslis saamstem (n=1, 2.6%) baie laag. Hierdie situasie dui dus daarop dat daar van die NG Kerk se kant af meer aandag geskenk kan word aan die beeld van die kerk in die breë media.

Met die uitsondering van vakbonde, welsyn en kerk het die ander belanghebbegroepes almal **definitief nie** met die stelling dat die media 'n positiewe beeld van die NG Kerk oordra saamgestem nie. Die mate waartoe hulle hul steun verleen het was regering (n=1, 100%), joernaliste (n=3, 75.0%), studenterade (n=2, 50.0%), kultuurorganisasies (n=2, 40.0%) en besigheid (n=3, 37.5%).

Groepe wat **nie** met die stelling **saamstem nie** is vakbonde (n=2, 50.0%), besigheid (n=3, 37.5%), kerke (n=4, 36.4%) en kultuurorganisasies (n=1, 20.0%).

Groepe wat aangedui het dat hulle **nóg saam stem nóg verskil** was kerke (n=6, 54.5%), studenterade (n=2, 50.0%), joernaliste (n=1, 25.0%), kultuurorganisasies (n=1, 20.0%) en besigheid (n=1, 12.5%).

Groepe wat **saamgestem** het was welsyn (n=1, 100%), vakbonde (n=2, 50.0%), kultuurorganisasies (n=1, 20.0%) en kerke (n=1, 9.1%).

Slegs besigheid (n=1, 12.5%) het **beslis saamgestem** dat die media 'n positiewe beeld van die NG Kerk oordra het.

q10_4 Media dra 'n positiewe beeld van die NG Kerk oor

	Besigheid		Regering		Vakbonde		Kultuurorganisasies		Studentenrade		Joernaliste		Welsyn		Kerke		Totaal	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
Stem beslis saam	1	12.5	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	2.6
Stem saam	-	-	-	-	2	50.0	1	20.0	-	-	-	-	1	100	1	9.1	5	13.2
Stem nóg saam nóg verskil	1	12.5	-	-	-	-	1	20.0	2	50.0	1	25.0	-	-	6	54.5	11	28.9
Stem nie saam nie	3	37.5	-	-	2	50.0	1	20.0	-	-	-	-	-	-	4	36.4	10	26.3
Stem definitief nie saam nie	3	37.5	1	100	-	-	2	40.0	2	50.0	3	75.0	-	-	-	-	11	28.9
Totaal	8	100	1	100	4	100	5	100	4	100	4	100	1	100	11	100	38	100

3.1.40 Areas waar die kerk 'n rol in ons gemeenskap behoort te speel

'n Wye spektrum van areas waar die kerk 'n rol in die gemeenskap behoort te speel is deur respondente van die belanghebbende groepe genoem. Die verskeidenheid word gelys in volgorde van afnemende steun. Die areas met die hoogste steun was vir steun aan mense wat deur MIV/VIGS geraak word, weeskinders, bejaardes en die armes (almal n=33, 82.5%), morele heropbou/ ontwikkeling (n=31, 77.5%), transformasie (n=29, 72.5%), sosiale ontwikkeling en misdaadsteun (beide n=28, 70.0%), rassisme (n=26, 65.0%) en Volwasse Basiese Opvoeding en Opleiding (ABET) (n=23, 57.5%). Baie laag op die skaal was dat die kerk die evangelie behoort te verkondig en nie betrokke behoort te raak by kwelvrae nie (n=3, 7.5%) en politiek en regeringsbeleide (n=1, 2.5%).

Dit blyk dat die verwagting is dat die kerk 'n groot rol moet speel in sosiale opheffing en opleiding, terwyl die werklike kerklike pligte tot 'n mate negeer word.

q11 In watter van die volgende behoort die kerk 'n rol in ons gemeenskap te speel*

	Besig- heid		Regering		Vakbon- de		Kultuuro rganisa- sies		Studen- terade		Joerna- liste		Welsyn		Kerke		Totaal	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
Sosiale ontwikkeling	5	62.5	1	100	1	20.0	4	80.0	2	50.0	5	100	-	-	10	90.9	28	70.0
Steun aan mense wat deur MIV/VIGS geraak word	5	62.5	1	100	4	80.0	4	80.0	3	75.0	5	100	-	-	11	100	33	82.5
Steun vir weeskinders	4	50.0	1	100	4	80.0	4	80.0	4	100	5	100	-	-	11	100	33	82.5
Die bejaardes	4	50.0	1	100	4	80.0	4	80.0	4	100	5	100	-	-	11	100	33	82.5
Die armes	4	50.0	1	100	4	80.0	4	80.0	4	100	5	100	-	-	11	100	33	82.5
Misdaadsteun	3	37.0	1	100	2	40.0	3	60.0	2	50.0	5	100	1	100	11	100	28	70.0
Morele herophou/ ontwikkeling	4	50.0	1	100	3	60.0	3	60.0	3	75.0	5	100	1	100	11	100	31	77.5
Rassisme	3	37.0	1	100	3	60.0	2	40.0	2	50.0	4	80.0	-	-	11	100	26	65.0
Transformasie	4	50.0	1	100	2	40.0	4	80.0	3	75.0	5	100	-	-	10	90.9	29	72.5
Volwasse Basiese Opvoeding en Opleiding (ABET)	1	12.0	1	100	1	20.0	3	60.0	2	50.0	5	100	-	-	10	90.9	23	57.5
Behoort die evangelie te verkondig nie betrokke te raak by kwelvrae	1	12.0	-	-	1	20.0	-	-	-	-	-	-	-	-	1	9.1	3	7.5
Politiek en regerings- beleide	1	12.0	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	2.5
Totaal	8	100	1	100	5	100	5	100	4	100	5	100	1	100	11	100	40	100

* Meervoudige response

3.2 VRAE VIR LEDE VAN DIE NG KERK ALLEENLIK

3.2.1 Oorweging om die NG Kerk te verlaat

Die helfte van die belanghebbers wat lede van die NG Kerk is het dit nog **glad nie** (n=7, 50.0%) oorweeg om die NG Kerk te verlaat nie en 'n klein persentasie **nie regtig nie** (n=1, 7.1%). 'n Persentasie van 14.3% (n=2) het dit **beslis** oorweeg om die NG Kerk te verlaat terwyl tweemaal soveel (n=4, 28.6%) sodanige stap **tot 'n mate** oorweeg het. Die indruk is dat die lidmate van die NG Kerk wel tevrede is met hul lidmaatskap.

Uit die belanghebbers wat nog **glad nie** dit oorweeg het om die NG Kerk te verlaat nie, was die response in die volgorde vakbonde en welsyn (beide n=1), kultuurorganisasies en studenterade (beide n=1, 50.0%), besigheid (n=2, 40.0%) en laastens joernaliste (n=1, 33.3%).

Die besigheidsgroep (n=2, 40.0%) het dit **beslis** oorweeg om die NG Kerk te verlaat, terwyl kultuurorganisasies en studenterade (beide n=1, 50.0%), joernaliste (n=1, 33.3%) en besighede (n=1, 20.0%) dit **tot 'n mate** oorweeg het.

Slegs uit die joernalistegroep (n=1, 33.3%) is gemeld dat hulle dit nie regtig oorweeg het om die NG Kerk te verlaat nie.

q12a Het u dit al ooit oorweeg om die NG Kerk te verlaat

	Besigheid		Vakbonde		Kultuurorganisasies		Studentenrade		Joernaliste		Welsyn		Totaal	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
Beslis	2	40.0	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	2	14.3
Tot 'n mate	1	20.0	-	-	1	50.0	1	50.0	1	33.3	-	-	4	28.6
Nie regtig nie	-	-	-	-	-	-	-	-	1	33.3	-	-	1	7.1
Glad nie	2	40.0	1	100	1	50.0	1	50.0	1	33.3	1	100	7	50.0
Totaal	5	100	1	100	2	100	2	100	3	100	1	100	14	100

3.2.2 Redes waarom lidmate die NG Kerk wou verlaat

Die redes wat deur die 6 respondente genoem is waarom hulle die NG Kerk sou verlaat is wyd uiteenlopend. Die meeste (n=2, 33.3%) het gesê die kerk lewer nie wat hulle behoort te lewer/verskaf nie. Hierdie response het vanuit die geledere van die joernaliste (n=1) en besigheid (n=1, 33.3%) gekom. 'n Verdere 33.3% (n=2) uit die geledere van die besigheid het gesê die kerk is outyds. Die kultuurorganisasies (n=1) het gemeld dat die kerk koud is en geen hitte het nie, besigheid (n=1, 33.3%) dat boodskappe leeg en studenterade (n=1) dat die gemeente of kerk uitgesterf het. Daar is dus nie besondere of baie spesifieke redes waarom respondente dit sou oorweeg om die NG Kerk te verlaat nie.

q12b Waarom sou u die NG Kerk wou verlaat

	Besigheid		Kultuur-organisasies		Studenterade		Joernaliste		Totaal	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
Koud/geen hitte	-	-	1	100	-	-	-	-	1	16.7
Leë boodskap	1	33.3	-	-	-	-	-	-	1	16.7
Lewer nie wat hul behoort te lewer/verskaf nie	1	33.3	-	-	-	-	1	100	2	33.3
Gemeente/kerk het uitgesterf	-	-	-	-	1	100	-	-	1	16.7
Outyds	2	66.7	-	-	-	-	-	-	2	33.3
Totaal	3	100	1	100	1	100	1	100	6	100

* Meervoudige response

3.2.3 Positiewe ingesteldheid teenoor die NG Kerk, maar nie my gemeente nie

Die grootste persentasie van die respondentegroepe stem **beslis nie saam nie** (n=13, 86.7%) dat hulle positief ingestel is teenoor die NG Kerk maar nie teenoor hulle gemeente nie. Al die belangegroepe het hierdie stelling grotendeels ondersteun. Die persentasies waarmee die groepe die stelling ondersteun het was soos volg: besigheid (n=5, 100%), vakbonde (n=1), studenterade (n=2, 100%), welsyn (n=1), joernaliste (n=3, 75.0%) en kultuurorganisasies (n=1, 50%).

‘n Verdere klein persentasie (n=1, 6.7%) uit die geleedere van die joernaliste (n=1, 25.0%) **stem nie saam nie** terwyl ‘n verdere klein persentasie **nóg saamstem nóg verskil** (n=1, 6.7%) van die stelling dat hulle positief ingestel is teenoor die NG Kerk maar nie teenoor hulle gemeente nie en hulle maak deel uit van die kultuurorganisasies (n=1, 50.0%).

q13_1 Postief teenoor die NG Kerk maar nie teenoor my gemeente

	Besigheid		Vakbonde		Kultuurorganisasies		Studente-rade		Joernaliste		Welsyn		Totaal	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
Stem nóg saam nóg verskil	-	-	-	-	1	50.0	-	-	-	-	-	-	1	6.7
Stem nie saam nie	-	-	-	-	-	-	-	-	1	25.0	-	-	1	6.7
Stem beslis nie saam nie	5	100	1	100	1	50.0	2	100	3	75.0	1	100	13	86.7
Totaal	5	100	1	100	2	100	2	100	4	100	1	100	15	100

3.2.4 Positiewe ingesteldheid teenoor my gemeente, maar nie die NG Kerk nie

Die grootste persentasie van die respondente stem beslis nie saam nie (n=11, 73.3%) of stem nie saam (n=1, 6.7%) met die stelling dat hulle positief ingestel is teenoor hulle gemeente, maar nie teenoor die NG Kerk nie. 'n Persentasie van 20.0 (n=3) stem beslis saam met die stelling.

Respondente uit al die belangegroepes het tot die volgende mate aangedui dat hulle **beslis nie** met die stelling dat hulle positief ingestel is teenoor hulle gemeente, maar nie teenoor die NG Kerk **saamstem nie**: vakbonde en kerke (n=1), besigheid (n=4, 80.0%), joernaliste (n=3, 75.0%), kultuurorganisasies en studenterrade (beide n=1, 50.0%).

Uit die joernaliste het 25.0% (n=1) aangedui dat hy nie met die stelling saamstem nie, terwyl lede van die kultuurgroepes en studenterrade (n=1, 50.0%) en besigheid (n=1, 20.0%) gemeld het dat hulle **beslis saamstem**.

q13_2 Postief oor my gemeente maar nie teenoor die NG Kerk

	Besigheid		Vakbonde		Kultuurorganisasies		Studente-rade		Joernaliste		Welsyn		Totaal	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
Stem beslis saam	1	20.0	-	-	1	50.0	1	50.0	-	-	-	-	3	20.0
Stem nie saam nie	-	-	-	-	-	-	-	-	1	25.0	-	-	1	6.7
Stem beslis nie saam nie	4	80.0	1	100	1	50.0	1	50.0	3	75.0	1	100	11	73.3
Totaal	5	100	1	100	2	100	2	100	4	100	1	100	15	100

3.2.5 Kennis van NG Kerk publikasies

Die meerderheid van die belanghebbers het **beslis** (n=11, 57.9%) of **tot 'n mate** (n=2,10.5%) kennis gedra van kerk publikasies terwyl 'n aansienlike persentasie **nie regtig nie** (n=2, 10.5%) of **glad nie** (n=4, 21.1%) van enige van die kerk se publikasies geweet het nie.

Die groepe wat **beslis** van die kerk se publikasies geweet het was welsyn (n=1), besigheid (n=4, 80.0%), kultuurorganisasies (n=2, 66.7%), studenterade (n=1, 50.0%) joernaliste (n=2, 50.0%) en kerke (n=1, 33.3%).

Kerkgroepe (n=2, 66.7%) het aangedui dat hulle **tot 'n mate** van enige van die kerk se publikasies geweet het, terwyl vakbonde (n=1) en joernaliste (n=1, 25.0%) aangedui het dat hulle **nie regtig** kennis gedra het nie.

Studenterade (n=1, 50.0%), kultuurorganisasies (n=1, 33.3%), joernaliste (n=1, 25.0%) en besigheid (n=1, 20.0%) het almal aangedui dat hulle **glad nie** van enige van die kerk se publikasies weet nie.

q14a Weet u van enige van die kerk se publikasies

	Besigheid		Vakbonde		Kultuurorganisasies		Studentenrade		Joernaliste		Welsyn		Kerke		Totaal	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
Beslis	4	80.0	-	-	2	66.7	1	50.0	2	50.0	1	100	1	33.3	11	57.9
Tot 'n mate	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	2	66.7	2	10.5
Nie regtig nie	-	-	1	100	-	-	-	-	1	25.0	-	-	-	-	2	10.5
Glad nie	1	20.0	-	-	1	33.3	1	50.0	1	25.0	-	-	-	-	4	21.1
Totaal	5	100	1	100	3	100	2	100	4	100	1	100	3	100	19	100

3.2.6 Spesifieke publikasies

Die publikasies waarvan die meeste belanghebbers geweet het was die Kerkbode (n=7, 53.8%). In hierdie geval was dit die joernaliste (n=2, 100%) en welsyn (n=1) wat die hoogste persentasies behaal het, daarna die kerke (n=2, 66.7%), kultuurorganisasies (n=1, 50%) en die besigheid. Kennis aangaande ander publikasies is min en Die Lig en Dagboek word elk deur 2 respondente gemeld terwyl 'n verdere 2 nie weet nie/nie kan onthou nie.

Die indruk is dat besighede die meeste blootstelling aan 'n verskeidenheid van publikasies het van al die groepe, gevolg deur kultuurorganisasies, joernaliste, welsyn en kerke.

q14b Watter publikasies *

	Besigheid		Kultuurorganisasies		Studente-rade		Joernaliste		Welsyn		Kerke		Totaal	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
Kerkbode	1	25.0	1	50.0	-	-	2	100	1	100	2	66.7	7	53.8
Voorligter (Voorligting)	-	-	-	-	-	-	1	50.0	-	-	-	-	1	7.7
Nuusbrief/-Maandelikse	1	25.0	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	7.7
Die Lig	-	-	1	50.0	-	-	1	50.0	-	-	-	-	2	15.4
Finesse	1	25.0	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	7.7
Jaarboek	1	25.0	-	-	-	-	-	-	1	100	-	-	2	15.4
Uit die boek	-	-	1	50.0	-	-	-	-	-	-	-	-	1	7.7
Bybelstudies	1	25.0	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	7.7
Predikant se publikasies	1	25.0	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	7.7
Dagboek	1	25.0	1	50.0	-	-	-	-	-	-	-	-	2	15.4
Weet nie/kan nie onthou nie	-	-	-	-	1	100	-	-	-	-	1	33.3	2	15.4
Totaal	4	100	2	100	1	100	2	100	1	100	3	100	13	100

* Meervoudige response

4. OPSOMMING

ALGEMENE PUBLIEK

HOUDING TEENOOR DIE KERK IN DIE ALGEMEEN

Belangrikheid van godsdiens tans

Onder die algemene publiek beskou die oorgrote meerderheid van die respondente godsdiens as baie belangrik (n=333, 83.0%) en belangrik (n=54, 13.5%). Slegs 'n onbeduidende persentasie beskou dit as nóg belangrik nóg onbelangrik (n=8, 2.0%) of onbelangrik (n=6, 1.5%).

Belangrikheid van die kerk tans

Onder die algemene publiek beskou die oorgrote meerderheid van die respondente die kerk as baie belangrik (n=287, 71.6%) en belangrik (n=82, 20.4%). Slegs 'n onbeduidende persentasie beskou die kerk tans as nóg belangrik nóg onbelangrik (n=17, 4.2%), onbelangrik (n=12, 3.0%) of hoogs onbelangrik (n=3, 0.7%).

75.6% van Engelssprekendes beskou die kerk as baie belangrik of belangrik, teenoor 90.6% Afrikaanssprekendes en 88.5% Afrikataal sprekers.

Noodsaaklikheid van die kerk as voertuig vir mense om hul geloof te beoefen

Onder die algemene publiek beskou die oorgrote meerderheid van die respondente die kerk as voertuig vir mense om hul geloof te beoefen as baie belangrik (n=251, 63.1%) en belangrik (n=93, 23.4%). Slegs 'n klein

persentasie beskou die kerk tans as nóg belangrik nóg onbelangrik (n=28, 7.0%) of onbelangrik (n=23, 5.8%) en 'n onbeduidende persentasie as hoogs onbelangrik (n=3, 0.8%) vir hierdie rol.

Die kerk se rol in die moderne gemeenskap

Die rol van die kerk in die moderne gemeenskap word op 'n verskeidenheid van wyses ervaar en beskryf. Die belangrikste rolle word gesien as dié van leiding (n=78, 19.6%), nodig en relevant (n=62, 15.6%), verkondiging van God se woord (n=53, 13.3%), aanbidding van God (n=33, 8.3%) en diens van barmhartigheid (n=31, 7.8%). Kleiner persentasies het gemeld dat mense saamgebring moet word en onderrig. Die klem het dus op die verkondiging van die Woord, versoening en hulp aan behoeftiges geval.

'n Klein persentasie (n=25, 6.3%) het aangedui dat hulle nie weet wat die rol van die kerk is nie.

Kerk se vermoë om te help met die verbetering van die lewenskwaliteit van mense in Suid-Afrika

Onder die algemene publiek is die oorgrote meerderheid van mening dat die kerk beslis (n=277, 69.3%) en tot 'n mate (n=69, 17.3%) kan help met die verbetering van die lewenskwaliteit van die mense van die land. Slegs 'n onbeduidende persentasie is van mening dat die kerk nie regtig nie (n=32, 8.0%) of glad nie (n=22, 5.5%) daarmee kan help nie.

Mense met 'n kwalifikasie van minder as matriek (80%) is minder geneig om saam te stem dat die kerk die lewenskwaliteit van mense in Suid-Afrika verbeter (vergelyk met 91.1% van die met matriek en hoër). Afrika taal sprekers is minder geneig om beslis of tot 'n mate saam te stem dat die

kerk die lewenskwaliteit van mense in Suid-Afrika verbeter (73.8%). 92.5% van Afrikaanssprekendes en 84.8% van Engelssprekendes voel dat die kerk die lewenskwaliteit van mense in Suid-Afrika verbeter.

Aksies wat die kerk kan loods om die lewenskwaliteit van mense te verbeter

‘n Verskeidenheid van aksies wat geloods kan word is deur respondente genoem. Die belangrikste is die volgende: Help mense (n=82, 23.6%), lei mense in die regte rigting (n=64, 18.4%), uitreik na mense (n=58, 16.7%), sendingwerk (n=52, 15.0%), kry mense by die kerk (n=42, 12.1%).

4.6% van die respondente het aangedui dat hulle nie weet nie.

Verpligting van die kerk om oor reg/onreg in die gemeenskap kommentaar te lewer

Onder die algemene publiek is die oorgrote meerderheid van mening dat die kerk beslis (n=207, 51.9%) en tot ‘n mate (n=95, 23.8%) verplig is om hom oor reg en onreg in die gemeenskap uit te spreek. Slegs ‘n klein persentasie is van mening dat die kerk hom nie regtig nie (n=55, 13.8%) of glad nie (n=42, 10.5%) daarvoor moet uitspreek nie.

Heelwat meer 40 jaar en ouer respondente (94.7%) in teenstelling met 77.5% 16-39 jariges voel dat die kerk die verpligting het om op onreg in die gemeenskap kommentaar te lewer.

Gebeure in die onlangse verlede waarop kommentaar gelewer moes word

‘n Wye verskeidenheid van onderwerpe is deur respondente opgenoem. Die grootste steun is vir die volgende gebeure geopper: misdaad

(n=73,23.9%), MIV/VIGS (n=42, 13.8%), morele waardes en gays (beide n=16,5.2%), doodstraf (n=12, 3.9%), op alles (n=10, 3.3%) en wat is verkeerd en reg (n=9, 3.0%).

'n Beduidende aantal respondente (n=58, 19.0%) het aangedui dat hulle nie weet waarop die kerk moet kommentaar lewer nie terwyl 'n verdere klein persentasie (n=8, 2.6%) aangedui het dat niks gebeur het waarop die kerk kommentaar moet lewer nie.

Spraaksaamheid van die kerk oor kwelvrae

Onder die algemene publiek is die oorgrote meerderheid van mening dat die kerk beslis (n=230, 57.9%) en tot 'n mate (n=98, 24.7%) meer spraaksaam moet wees oor kwelvrae. Slegs 'n onbeduidende persentasie is van mening dat die kerk nie regtig nie of glad nie meer spraaksaam moet wees oor gemelde kwelvrae nie.

Relevansie van kwelvrae waarop die kerk tans kommentaar lewer

Onder die algemene publiek is die oorgrote meerderheid van mening dat die kwelvrae waarop die kerk tans kommentaar lewer beslis (n=165, 42.9%) en tot 'n mate (n=166, 43.1%) tans relevant is. Dit is opmerklik dat die 'beslis' reaksie aansienlik gedaal het ten gunste van die 'tot 'n mate' reaksie. Slegs 'n onbeduidende persentasie is van mening dat die kwelvrae waarop die kerk kommentaar lewer nie regtig nie (n=34, 8.8%) of glad nie (n=20, 5.2%) relevant is nie.

Redes waarom die kerk se kommentaar ‘nie regtig nie’ of ‘glad nie’ relevant is nie

‘n Verskeidenheid van redes waarom respondente van mening is dat die kerk se kommentaar nie regtig nie of glad nie relevant is nie is gemeld. Die belangrikste is dat die kerk nie vir mense kan sê wat reg en verkeerd is nie, dat dit nie hulle gebied is nie (n=14, 25.5%). Ander redes was onder aan dat die kerk tans meer fokus op kerklike sake as ander sake/probleme (n=5, 9.1%), nie genoeg kommentaar gee nie (n=3, 5.5%), nie sake met die regte lewenssake vergelyk nie asook te veel geestelik nie genoeg klem op die siel nie en moet optree soos die Bybel voorskryf (n=2, 3.6%).

‘n Relatiewe hoë persentasie, in die konteks van hierdie vraag (n=15, 27.3%), het aangedui dat hulle nie weet nie terwyl 7.3% (n=4) geen kommentaar gelewer het nie..

Mate van kennis aangaande die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Onder die algemene publiek is die oorgrote meerderheid van mening dat hulle baie omtrent die NGK weet (n=102, 25.4%) of matige kennis omtrent hulle dra (n=155, 38.7%), enkeles (n=32, 8%) ‘n klein bietjie weet terwyl ‘n kwart (n=112, 27.9%) niks van hulle af weet nie.

Afrikaanssprekendes het die grootste mate van kennis oor die NG Kerk (82.7% het baie of matige kennis), gevolg deur die Afrika taal sprekers (50%) en daarna Engelssprekendes (37%). 40 jaar en ouer respondente het meer kennis aangaande die NG Kerk.

Bron van kundigheid oor die NG Kerk

Onder die algemene publiek meld die meerderheid respondente (n=110, 40.3%) dat hulle hul kennis as lidmate van die NG Kerk opgedoen het. ‘n

Verdere groot bron van kennis is lidmate van die NG Kerk self (n=59, 21.6%), voormalige lidmate van die NG Kerk (n=44, 16.1%) en die bywoning van eredienste (n=31, 11.4%), terwyl die bestaan van 'n NG Kerk in die gebied, gemeenskap en die sing van liedere in 'n koor ook 'n bydrae gemaak het.

Hoofrolspelers by meningvorming omtrent die NG Kerk

Die grootste aantal respondente (n=117, 43.5%) meen dat lidmate van die NG Kerk en lidmaatskap van die kerk (n=59, 21.9%) die hoofrol by meningvorming omtrent die NG Kerk speel. Ander belangrike rolspelers is die voormalige lidmate van die kerk (n=41, 15.2%) en bywoning van eredienste (n=25, 9.3%).

Algemene siening/persepsie van die NG Kerk

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die algemene publiek se siening van die NG Kerk is goed (n=146, 53.9%) en baie goed (n=69, 25.5%), terwyl 'n verdere kleiner persentasie se siening nóg goed nóg sleg is (n=44, 16.2%). 'n Onbenullige persentasie meen dat dit sleg is (n=8, 3.0%) en baie sleg is (n=1, 0.4%) terwyl 1.1% (n=3) onbelangstellend is of nie weet nie.

Die algemene beeld van die NG Kerk is relatief positief onder alle taalgroepe, met Afrikaanssprekendes wat die positiefste is (82.4% voel dat die persepsie baie goed of goed is). 74% van Afrika taal sprekers en 72.5% Engelssprekendes voel so.

72.6% van die 16-39 jariges se algemene gevoel oor die NG Kerk is goed of baie goed in vergelyking met 82.3% van die 40 jaar en ouer respondente.

Relevansie van die NG Kerk

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die algemene publiek stem saam (n=137, 50.4%) en stem beslis saam (n=101, 37.1%) dat die NG Kerk relevant is, terwyl 'n verdere kleiner persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=28, 10.3%). Die persentasies wat nie saamstem nie (n=4, 1.5%) en definitief nie saamstem nie (n=2, 0.7%) is negeerbaar.

Die redes waarom respondente voel dat die NG Kerk nie relevant is nie, is dat dit subjektief is, eksklusief is vir wittes, oudmodies in terme van musiek, nie 'n plek vir jong mense en dat dit nog steeds bagasie van die verlede dra.

NG Kerk gewilligheid om aan te pas veranderde eise van die tyd

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die algemene publiek stem saam (n=149, 54.8%) en stem beslis saam (n=71, 26.1%) dat die NG Kerk gewillig is om aan te pas by die veranderende eise van die tyd, terwyl 'n verdere klein persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=44, 16.2%). Die persentasies wat nie saamstem nie (n=7, 2.6%) en definitief nie saamstem nie (n=1, 0.4%) is negeerbaar.

Die 16-39 jariges is minder geneig om te voel dat die kerk gewillig is om aan te pas by die veranderde eise van die tyd (74.2% teenoor 40 jaar en ouer groep op 83.9%).

Die redes waarom respondente voel dat die NG Kerk nie gewillig is om aan te pas by die veranderde eise van die tyd nie, is dat dit bestuur word deur ou mense, oudmodies is, agter die tyd is, hou vas aan die verlede en dit wend geen poging aan om te verander nie.

NG Kerk het 'n betekenisvolle impak op ons gemeenskap

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die algemene publiek stem saam (n=150, 55.8%) en stem beslis saam (n=68, 25.3%) dat die NG Kerk 'n betekenisvolle impak in hulle gemeenskap het, terwyl 'n verdere klein persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=44, 16.2%). Die persentasies wat nie saamstem nie (n=11, 4.1%) en definitief nie saamstem nie (n=1, 0.4%) is negeerbaar.

Die redes waarom respondente voel dat die NG Kerk nie 'n betekenisvolle impak op ons gemeenskap het nie, is dat dit bestuur word deur ou mense, nie in kontak is met die realiteit nie, hulle dans na die regeing se pype, die gemeenskap is nog steeds in twee groepe verdeel naamlik wit en swart en dat hulle net vir hulleself lewe.

NG Kerk dra by tot versoening in Suid-Afrika

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die algemene publiek stem saam (n=152, 55.9%) en stem beslis saam (n=58, 21.3%) dat die NG Kerk bydra tot versoening in Suid-Afrika, terwyl 'n verdere klein persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=50, 18.4%). Die persentasie wat nie saamstem nie (n=12, 4.4%) is negeerbaar.

Die 16-39 jariges is minder geneig om te voel dat die kerk dra by tot versoening in Suid-Afrika (74.2% teenoor 40 jaar en ouer groep op 79.2%).

Die redes waarom respondente voel dat die NG Kerk nie bydra tot versoening in Suid-Afrika nie, is dat die kerk nog steeds op kleur ingestel is en dat dit net vir wittes is, bevooroordeeld is en dat wittes weggestoot word omdat die kerk oop is vir alle rasse.

NG Kerk verdraagsaamheid teenoor alle rassegroepe in Suid-Afrika

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die algemene publiek stem saam (n=152, 55.9%) en stem beslis saam (n=64, 23.5%) dat die NG Kerk verdraagsaam is teenoor alle rassegroepe in Suid-Afrika, terwyl 'n verdere persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=39, 14.3%). Die persentasies wat nie saamstem nie (n=16, 5.9%) en definitief nie saamstem nie (n=1, 0.4%) is negeerbaar.

Die redes waarom respondente voel dat die NG Kerk nie verdraagsaam is teenoor alle rassegroepe in Suid-Afrika nie, is dat hulle rassisties is, geen toleransie het nie, dat daar geen verdraagsaamheid is op plattelandse en in Afrikaanse gebiede nie en dat hulle skynheilig is.

NG Kerk is outyds

Die meerderheid van die respondente onder die algemene publiek stem nie saam (n=124, 45.6%) en stem definitief nie saam (n=29, 10.7%) dat die NG Kerk outyds is nie, terwyl 'n verdere redelike persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=83, 30.5%). Die persentasies wat saamstem (n=25, 9.2%) en beslis saamstem (n=11, 4.0%) is negeerbaar.

Die redes waarom respondente voel dat die NG Kerk outyds is, is dat die bestuur oud is, eredienste en die musiek is oudmodies, die kerk is net vir wit mense en dat dit styf en onpersoonlik is.

NG Kerk hou tred met veranderde tye

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die algemene publiek stem saam (n=144, 53.1%) en stem beslis saam (n=47, 17.3%) dat die NG Kerk tred hou met veranderde tye, terwyl 'n verdere aansienlike

persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=69, 25.5%). Die persentasies wat nie saamstem nie (n=10, 3.7%) en definitief nie saamstem nie (n=1, 0.4%) is negeerbaar.

Die 16-39 jariges is minder geneig om te voel dat die kerk hou tred met veranderde tye (61.9% teenoor 40 jaar en ouer groep op 74.3%).

Die redes waarom respondente voel dat die NG Kerk nie tred hou met veranderde tye nie, is dat predikante nie wil verander nie, idees is oudmodies, dis 'n "ou regeringskerk" en dat hulle aan die verlede vashou.

NG Kerk diskrimineer nie op grond van geslag nie

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die algemene publiek stem saam (n=155, 57.0%) en stem beslis saam (n=60, 22.1%) dat die NG Kerk nie op grond van geslag diskrimineer nie, terwyl 'n verdere persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=41, 15.1%). Die persentasies wat nie saamstem nie (n=13, 4.8%) en definitief nie saamstem nie (n=3, 1.1%) is negeerbaar.

Die 16-39 jariges is minder geneig om te voel dat die kerk diskrimineer nie op grond van geslag (72.9% teenoor 40 jaar en ouer groep op 81.8%).

Die redes waarom respondente voel dat die NG Kerk diskrimineer op grond van geslag, is dat die bestuur van die kerk mans is, dis patriargaal en bevooroordeelend.

NG Kerk diskrimineer nie op grond van seksuele oriëntasie nie

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die algemene publiek stem saam (n=117, 43.0%) en stem beslis saam (n=49, 18.0%) dat die NG Kerk nie op grond van seksuele oriëntasie diskrimineer nie, terwyl 'n verdere persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=67, 24.6%). Die

persentasies wat nie saamstem nie (n=33, 12.1%) en definitief nie saamstem nie (n=6, 2.2%) is negeerbaar.

Die 16-39 jariges is minder geneig om te voel dat die kerk diskrimineer nie op grond van seksuele oriëntasie nie (57.6% teenoor 40 jaar en ouer groep op 62.6%).

Die hoofrede waarom respondente voel dat die NG Kerk diskrimineer op grond van seksuele oriëntasie is as gevolg van die kerk se houding teenoor homoseksuele persone. Sommige mense het gevoel dat die kerk volgens die Bybel moet optree en dat dit reg so is.

NG Kerk is standvastig/ gevestig in hul weë

Die meerderheid van die respondente onder die algemene publiek stem nóg saam nóg verskil (n=111, 41.0%) van die standpunt dat die NG Kerk standvastig of gevestig is in hul weë. Hierteenoor stem 24.4% (n=66) saam en stem 15.9% (n=43) beslis saam dat die NG Kerk gevestig is in hul weë. Die persentasies wat nie saamstem nie (n=46, 17.0%) en definitief nie saamstem nie (n=5, 1.8%) is klein en moontlik negeerbaar. Daar moet egter op gelet word dat die persentasie wat nie saamstem nie groter is as die wat beslis saamstem.

Die redes waarom respondente voel dat die NG Kerk standvastig/gevestig in hul weë is, is dat die kerk rigied is, nie maklik bui nie, dogmaties en behoudend is. Sommige respondente het gevoel dat die Kerk volgens die Bybel moet optree en daarom vas moet wees in hul weë.

NG Kerk speel 'n betekenisvolle rol in die verligting van armoede in Suid-Afrika

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die algemene publiek stem saam (n=147, 54.2%) en stem beslis saam (n=47, 17.3%) dat die NG Kerk 'n betekenisvolle rol in die verligting van armoede in Suid-Afrika speel, terwyl 'n verdere persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=63, 23.2%). Die persentasies wat nie saamstem nie (n=12, 4.4%) en definitief nie saamstem nie (n=2, 0.7%) is negeerbaar.

Die 16-39 jariges is minder geneig om te voel dat die kerk speel 'n betekenisvolle rol in armoede in Suid-Afrika (66.7% teenoor 40 jaar en ouer groep op 73.8%).

Die redes waarom respondente voel dat die NG Kerk nie 'n betekenisvolle rol speel in die verligting van armoede in Suid-Afrika nie, is dat die kerk nie 'n organisasie het wat hulle daarvoor beywer nie en dat hulle nie sien dat dit gebeur nie.

NG Kerk is eksklusief

Die meerderheid van die respondente onder die algemene publiek stem nie saam nie (n=122, 44.9%), terwyl 'n bykans net so groot persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=105, 38.6%) van die standpunt dat die NG Kerk eksklusief is. 'n Verdere klein persentasie stem definitief nie saam (n=24, 8.8%) dat die NG Kerk eksklusief is. Die persentasies wat saamstem (n=11, 4.0%) en beslis saamstem (n=10, 3.7%) is negeerbaar in die lig van die oorgrote steun vir die teendeel.

Die redes waarom respondente voel dat die NG Kerk eksklusief is, is dat dit net vir ouer, wit Afrikaanssprekendes is, vir rykes, wittes en kleurlinge en "heiliges".

NG Kerk is toeganklik

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die algemene publiek stem saam (n=165, 60.7%) en stem beslis saam (n=52, 19.1%) dat die NG Kerk toeganklik is, terwyl 'n verdere persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=46, 16.9%). Die persentasie wat nie saamstem nie (n=9, 3.3%) is negeerbaar.

Die 16-39 jariges is minder geneig om te voel dat die kerk toeganklik is met 81.2% wat so voel. 88.2% van die 40 jaar en ouer respondente voel dat die kerk toeganklik is.

Die redes waarom respondente voel dat die NG Kerk nie toeganklik is nie, is dat die kerk net vir Afrikaanssprekende blankes en lidmate is.

NG Kerk bevorder eenheid in die kerk

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die algemene publiek stem saam (n=146, 53.7%) en stem beslis saam (n=52, 19.1%) dat die NG Kerk eenheid in die kerk bevorder, terwyl 'n verdere persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=63, 23.2%). Die persentasie wat nie saamstem nie (n=7, 2.6%) en definitief nie saamstem nie (n=4, 1.5%) is negeerbaar.

Engelssprekendes (42.1%) en Afrika taal sprekers (68.6%) voel dat die NG Kerk eenheid in die kerk bevorder in vergelyking met 80.3% Afrikaanssprekendes wat so voel. Minder Engelssprekendes (68.4%) en Afrika taal sprekers (68.6%) voel dat die NG Kerk transformasie

ondersteun. 81.9% Afrikaanssprekendes voel dat die NG Kerk dit wel doen.

Die 16-39 jariges is minder geneig om te voel dat die kerk ondersteun transformasie (70.6% teenoor 40 jaar en ouer groep op 80.7%).

Die redes waarom respondente voel dat die NG Kerk nie eenheid in die kerk bevorder nie, is die NG Kerk in Afrika nog steeds apart is, dat hulle onderling sry en nie vergewensgesind is nie.

NG Kerk is konserwatief

Die meerderheid van die respondente onder die algemene publiek stem nie saam nie (n=107, 39.9%), terwyl 'n bykans net so groot persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=98, 36.6%) van die standpunt dat die NG Kerk konserwatief is. 'n Verdere klein persentasie stem definitief nie saam (n=14, 5.2%) dat die NG Kerk konserwatief is nie. Die persentasies wat saamstem (n=36, 13.4%) en beslis saamstem (n=13, 4.9%) is klein, maar kan van kennis geneem word.

Die redes waarom respondente voel dat die NG Kerk konserwatief is, is dat ou mense dit vas hou, die musiek in die kerk, die eredienste is konserwatief, daar is te min verandering en die kerk is eng ten opsigte van saambly en buite-egtelike swangerskappe.

NG Kerk ondersteun transformasie in ons gemeenskap

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die algemene publiek stem saam (n=162, 59.8%) en stem beslis saam (n=48, 17.7%) dat die NG Kerk transformasie in ons gemeenskap bevorder, terwyl 'n verdere persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=55, 20.3%). Die persentasie wat

nie saamstem nie (n=5, 1.8%) en definitief nie saamstem nie (n=1, 0.4%) is negeerbaar.

Die redes waarom respondente voel dat die NG Kerk nie transformasie ondersteun nie, is dat die kerk net die ANC vrees en daarom iets doen, dit gebeur net as gevolg van dr. Coenie Burger se leierskap, dis te stadig en hull beteken niks vir die respondent se onmiddelijke omgewing nie.

NG Kerk dra by tot die vorming van 'n positiewe waardestelsel

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die algemene publiek stem saam (n=163, 59.9%) en stem beslis saam (n=68, 25.0%) dat die NG Kerk bydra tot die vorming van 'n positiewe waardestelsel, terwyl 'n verdere persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=35, 12.9%). Die persentasie wat nie saamstem nie (n=5, 1.8%) en definitief nie saamstem nie (n=1, 0.4%) is negeerbaar.

Die redes waarom respondente voel dat die NG Kerk nie bydra tot die vorming van 'n positiewe waardestelsel nie, is die kerk is verward in sy waardes, daar is tweegesigte in die kerk en die kerk het nie 'n positiewe waardesistiem nie.

NG Kerk is 'n plek waar verskillende groepe welkom voel

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die algemene publiek stem saam (n=148, 54.4%) en stem beslis saam (n=51, 18.8%) dat die NG Kerk 'n plek is waar verskillende groepe welkom voel, terwyl 'n verdere persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=53, 19.5%). Die persentasie wat nie saamstem nie (n=16, 5.9%) en definitief nie saamstem nie (n=4, 1.5%) is negeerbaar.

Engelssprekendes (52.6%) in die besonder voel dat die NG Kerk nie verskillende groepe laat welkom voel nie. 70.6% Afrika taal sprekers en 78.2% Afrikaanssprekendes voel so.

Die redes waarom respondente voel dat die NG Kerk nie 'n plek is waar verskillende mense welkom voel nie, is homoseksueles, swartes en Engelssprekendes nie welkom voel nie.

NG Kerk word gekniehalter deur sy verlede

Die meerderheid van die respondente onder die algemene publiek stem nóg saam nóg verskil (n=120, 44.6%) van die standpunt dat die NG Kerk gekniehalter word deur sy verlede. Hierteenoor stem 29.0% (n=78) saam en stem 13.4% (n=36) beslis saam dat die NG Kerk gekniehalter word deur sy verlede. Die persentasies wat nie saamstem nie (n=25, 9.3%) en definitief nie saamstem nie (n=10, 3.7%) is klein en moontlik negeerbaar.

Mense met matriek of meer (45.7%) is meer geneig om te voel dat die NG Kerk gekniehalter word deur sy verlede (in teenstelling met 35.9% van dié wat 'n kwalifikasie van minder as matriek het).

Meer Afrikaanssprekendes dat die NG Kerk deur sy verlede gekniehalter word (15.6%) as Engelssprekendes (10.5%) en Afrika taal sprekers (5.9%).

Die redes waarom respondente voel dat die NG Kerk gekniehalter word deur sy verlede, is dat die kerk lewe in sy verlede en dit is nog sy hede en deur burokrasie.

Die reaksie van die respondente dui baie duidelik daarop dat die NG Kerk deur sy optrede sy *bona fides* sal moet bewys dat hy 'n toekomsvisie en

taak vir homself in die nuwe Suid-Afrika sien. Hierdie visie en taak moet uitgelewe word in die breë gemeenskap.

Algemene persepsie van predikante van NG Kerk

Die meerderheid van die respondente onder die algemene publiek se persepsie van predikante van die NG Kerk is goed (n=122, 44.9%) en baie goed (n=86, 31.6%), terwyl 'n verdere 15.4% (n=42) meen dat hulle nóg goed nóg sleg is. 'n Baie klein persentasie (n=5, 1.8%) meen dat die predikante sleg is en 'n verdere 0.4% (n=1) dat hulle baie sleg is. Hierdie negatiewe persepsies word egter oorskadu deur die positiewe persepsies.

Dit sou baie saak maak indien die NG Kerk sou ophou bestaan

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die algemene publiek stem beslis saam (n=108, 39.9%) en stem saam (n=89, 32.8%) dat dit baie saak sou maak indien die NG Kerk sou ophou bestaan, terwyl 'n verdere persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=41, 15.1%). Die persentasie wat nie saamstem nie (n=22, 8.1%) en definitief nie saamstem nie (n=11, 4.1%) is negeerbaar.

82% van Afrikaanssprekendes is van mening dat dit sal saak maak as die NG Kerk ophou bestaan. Laer persentasies Engelssprekendes (68.4%) en Afrika taal sprekers (42%) het dieselfde opinie.

NG Kerk is toegewy aan die God van die Bybel

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die algemene publiek stem beslis saam (n=147, 54.2%) en stem saam (n=106, 39.1%) dat die NG Kerk toegewy is aan die God van die Bybel, terwyl 'n verdere klein persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=13, 4.8%). Die persentasie wat

nie saamstem nie (n=4, 1.5%) en definitief nie saamstem nie (n=1, 0.4%) is negeerbaar.

NG Kerk gee om vir mense

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die algemene publiek stem beslis saam (n=119, 43.9%) en stem saam (n=114, 42.1%) dat die NG Kerk omgee vir mense, terwyl 'n verdere klein persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=24, 8.9%). Die persentasie wat nie saamstem nie (n=10, 3.7%) en definitief nie saamstem nie (n=4, 1.5%) is negeerbaar.

Die 16-39 jariges is minder geneig om te voel dat die kerk gee om vir mense (79.8% teenoor 40 jaar en ouer groep op 88.8%).

Media dra 'n positiewe beeld van die NG Kerk oor

Die meerderheid van die respondente onder die algemene publiek stem nóg saam nóg verskil (n=95, 35.7%) van die standpunt dat die media 'n positiewe beeld van die NG Kerk uitdra. Hierteenoor stem 'n totaal van 34.6% saam of beslis saam met die stelling (n=59, 22.2% en n=33, 12.4%). Die persentasie wat nie saamstem nie (n=67, 25.2%) en definitief nie saamstem nie (n=12, 4.5%) gee 'n totaal van 29.5% wat dus minder is as die persentasie wat saamstem. Hierdie situasie dui dus daarop dat daar van die NG Kerk se kant af meer aandag geskenk kan word aan die beeld van die kerk in die breë media.

Mense met matriek of meer (37.9%) is meer geneig om te voel dat die media 'n negatiewe beeld van die NG Kerk uitdra (in teenstelling met 14.2% van dié wat 'n kwalifikasie van minder as matriek het).

Areas waar die kerk 'n rol in ons gemeenskap behoort te speel

'n Wye spektrum van areas waar die kerk 'n rol in ons gemeenskap behoort te speel is deur respondente genoem. Die verskeidenheid word gelys in volgorde van afnemende steun. Die area met die hoogste steun was steun vir weeskinders (n=220, 80.3%), daarna volg steun vir bejaardes (n=219, 79.9%), steun vir die armes (n=218, 79.6%), steun aan mense wat deur MIV/VIGS geraak word (n=204, 74.5%), sosiale ontwikkeling (n=192, 70.1%), misdaadsteun (n=191, 69.7%), morele herophou/ontwikkeling (n=190, 69.3%), transformasie (n=137, 50.0%), rassisme (n=114, 41.6%) en Volwasse Basiese Opvoeding en Opleiding (ABET) (n=106, 38.7%). Baie laag op die skaal was dat die kerk die evangelie behoort te verkondig en nie betrokke behoort te raak by kwelvrae nie (n=17, 6.2%), beurse, onderwys en 'n weet nie respons almal met slegs een ondersteuner (0.4%).

VRAE VIR LEDE VAN DIE NG KERK ALLEENLIK

Oorweging om die NG Kerk te verlaat

Die oorgrote meerderheid van die respondente wat lede van die NG Kerk is het dit nog glad nie (n=95, 76.6%) oorweeg om die NG Kerk te verlaat nie en 'n klein persentasie nie regtig nie (n=10, 8.1%). 'n Persentasie van 9.7% (n=12) het dit beslis oorweeg om die NG Kerk te verlaat terwyl 'n kleiner persentasie (n=7, 5.6%) sodanige stap tot 'n mate oorweeg het. Die indruk is dat die lidmate van die NG Kerk wel tevrede is met hul lidmaatskap.

Redes waarom lidmate die NG Kerk wou verlaat

Die redes wat deur die 19 respondente genoem is waarom hulle die NG Kerk sou verlaat is wyd uiteenlopend. Die meeste (n=7, 36.8%) het gesê hulle weet nie waarom hulle die kerk sou verlaat nie. Twee respondente het elk genoem dat die kerk koud is en geen hitte het nie, 'n verdere twee

dat boodskappe leeg is en nog twee dat hulle dit oorweeg het om die NG Kerk te verlaat, maar dit toe nie gedoen het nie. Elkeen van die volgende redes is deur slegs een respondent genoem: voel nie tuis nie, moet 'n plek vind waarheen God jou sal lei, die dood kan nie gered word deur gebed nie, oorreed man om te verander na Metodiste Kerk, hulle soek altyd geld, soek meer as die tiende wat mens hul gee, verandering word ondersoek maar niks word gedoen nie, na troue die NG Kerk verlaat vir die Hervormde Kerk. Daar is dus nie uitstaande redes waarom respondente dit sou oorweeg om die NG Kerk te verlaat nie.

Positiewe ingesteldheid teenoor die NG Kerk, maar nie my gemeente nie

Die grootste persentasie van die respondente stem beslis nie saam nie (n=54, 39.1%) of stem nie saam nie (n=34, 24.6%), terwyl 'n verdere klein persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=16, 11.6%) van die stelling dat hulle positief ingestel is teenoor die NG Kerk maar nie teenoor hulle gemeente nie. 'n Persentasie van 14.5% (n=20) stem beslis saam en 'n kleiner persentasie (n=14, 10.1%) stem saam met die stelling.

Positiewe ingesteldheid teenoor my gemeente, maar nie die NG Kerk nie

Die grootste persentasie van die respondente stem beslis nie saam nie (n=52, 37.7%) of stem nie saam nie (n=30, 21.7%), terwyl 'n verdere klein persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=14, 10.1%) van die stelling dat hulle positief ingestel is teenoor hulle gemeente maar nie teenoor die NG Kerk nie. 'n Persentasie van 18.1% (n=25) stem beslis saam en 'n kleiner persentasie (n=17, 12.3%) stem saam met die stelling.

Kennis van NG Kerk publikasies

Die meerderheid van die respondente het beslis (n=67, 48.6%) of tot 'n mate (n=15,10.9%) kennis gedra van kerk publikasies terwyl 'n aansienlike persentasie nie regtig nie (n=26, 18.8%) of glad nie (n=30, 21.7%) van enige van die kerk se publikasies geweet het nie.

Mense met matriek of meer (66.3%) is meer bewus van die NG Kerk se publikasies (in teenstelling met 44.2% van dié wat 'n kwalifikasie van minder as matriek het).

Spesifieke publikasies

Die publikasies waarvan die respondente baie geweet het of 'n matige kennis gehad het was die Kerkbode (n=58, 70.7%) en die Voorligter (n=18, 22.0%). Kennis omtrent ander spesifieke publikasies was negeerbaar.

BELANGHEBBERS

HOUDING TEENOOR DIE KERK IN DIE ALGEMEEN

Belangrikheid van godsdiens tans

Onder die belanghebbers beskou die oorgrote meerderheid van die respondente godsdiens as baie belangrik (n=37, 72.5%) en belangrik (n=9, 17.5%). Slegs 'n klein persentasie beskou dit as onbelangrik (n=5, 9.8%).

Uit die respondente is die joernaliste belangegroep die een waar 100% (n=5) godsdiens as **baie belangrik** beskou, selfs hoër as by die kerke (n=10, 90.9%), waar 'n mens die hoogste persentasie te wagte sou wees. Ander belangegroepe waar die meerderheid dit as baie belangrik beskou was besigheid (n=7, 70.0%), kultuurorganisasies (n=4, 66.7%) en welsyn (n=2, 66.7%) met die regering en vakbonde volgende (albei n=3, 60.0%). Studenterade het die laagste persentasie behaal (n=3, 50.0%).

Wanneer na die volgorde van belangegroepe wat godsdiens as **belangrik** beskou gekyk word, verander die volgorde van response en behaal die regering die hoogste persentasie (n=2, 40.0%) gevolg deur kultuurorganisasies (n=2, 33.3%), welsyn (n=1, 33.3%), besigheid (n=2, 20.0%), studenterade (n=1, 16.7) en kerke (n=1, 9.1%).

Slegs vakbonde (n=2, 40.0%), studenterade (n=2, 33.3%) en besigheid (n=1, 10.0%) het aangedui dat godsdiens **onbelangrik** is.

Belangrikheid van die kerk tans

Onder die belanghebbers beskou die oorgrote meerderheid van die respondente die kerk as baie belangrik (n=25, 49.0%) en belangrik (n=16, 31.4%). Slegs 'n onbeduidende persentasie beskou die kerk tans as nóg belangrik nóg onbelangrik (n=3, 4.9%), terwyl 'n groter persentasie (n=7, 13.7%) dit as onbelangrik beskou.

Uit die respondente is die joernaliste belangegroep die een waar 80% (n=4) die kerk tans as **baie belangrik** beskou. Daarna volg kultuurorganisasies (n=4, 66.7%), kerke (n=7, 63.6%), besigheid (n=6, 60.0%), vakbonde (n=2, 40.0%) en die regering (n=1, 20.0%). Studenterade het weer eens die laagste persentasie behaal (n=1, 16.7%).

Wanneer na die volgorde van belangegroep wat godsdiens as **belangrik** beskou gekyk word, verander die volgorde van response en behaal welsyn die hoogste persentasie (n=2, 66.7%) gevolg deur die regering (n=3, 60.0%), studenterade (n=3, 50.0%), besigheid (n=3, 30.0%), vakbonde en joernaliste (beide n=1, 20.0%) en kultuurorganisasies (n=1, 16.7%).

Kerke (n=2, 18.2%) en kultuurorganisasies (n=1, 16.7%) het aangedui dat kerke tans **nóg belangrik nóg onbelangrik** is.

Vakbonde (n=2, 40.0%), studenterade (n=2, 33.3%), welsyn (n=1, 33.3%), die regering (n=1, 20.0%) en laastens besigheid (n=1, 10.0%) het aangedui dat die kerk tans **onbelangrik** is.

Noodsaaklikheid van die kerk as voertuig vir mense om hul geloof te beoefen

Onder die belanghebbendes beskou die oorgrote meerderheid van die respondente die kerk as voertuig vir mense om hul geloof te beoefen as baie belangrik (n=24, 47.1%) en belangrik (n=14, 27.5%). Slegs 'n klein persentasie beskou die kerk tans as nóg belangrik nóg onbelangrik (n=5, 9.8%) en effens meer as onbelangrik (n=8, 15.7%) vir hierdie rol.

Uit die respondente is die kultuurorganisasies belangegroep die een waar die hoogste persentasie (n=4, 66.7%) die kerk tans as **baie belangrik** beskou as voertuig vir mense om hul geloof te beoefen. Daarna volg besigheid (n=6, 60.0%), joernaliste (n=3, 60.0%), kerke (n=6, 54.5%), vakbonde (n=2, 40.0%), studenterade (n=2, 33.3%) en die regering (n=1, 20.0%).

Wanneer na die volgorde van belangegroep wat die kerk as **belangrik** beskou as voertuig vir mense om hul geloof te beoefen, gekyk word verander die volgorde van response en behaal welsyn die hoogste persentasie (n=2, 66.7%) gevolg deur joernaliste en die regering (beide n=2, 40.0%), kerke (n=3, 27.3%), besigheid (n=2, 20.0%), vakbonde (n=1, 20.0%) en studenterade (n=1, 16.7%).

Welsyn (n=1, 33.3%), die regering (n=1, 20.0%), kerke (n=2, 18.2%) en besighede (n=1, 10.0%) het aangedui dat kerke as voertuig vir mense om hul geloof te beoefen tans **nóg belangrik nóg onbelangrik** is.

Studenterade (n=3, 50.0%), vakbonde (n=2, 40.0%), die regering (n=1, 20.0%), kultuurorganisasies (n=1, 16.7%) en laastens besigheid (n=1, 10.0%) het aangedui dat die kerk as voertuig vir mense om hul geloof te beoefen tans **onbelangrik** is.

Die kerk se rol in die moderne gemeenskap

Die rol van die kerk in die moderne gemeenskap word op 'n verskeidenheid van wyses ervaar en beskryf. Die belangrikste rolle word gesien as dié van leiding (n=12, 23.5%), beweeg met tyd /verander jong mense t (n=8, 15.7%), besig om te verdwyn en moet 'n groter rol speel (beide n=5, 9.8%), benodig en relevant (n=4, 7.8%), bring mense saam (n=3, 6.5%) en die kerk speel geen rol nie (n=3, 5.9%).

'n Baie klein persentasie (n=1, 2.0%) het aangedui dat hulle nie weet wat die rol van die kerk is nie.

Sommige van die rolle kan as positief en sommige as negatief beskryf word. Die positiewe rolle het oorwegend meer steun ontvang as die negatiewe rolle en die klem het merendeels op die verkondiging van die Woord, versoening en hulp aan behoeftiges geval.

Kerk se vermoë om te help met die verbetering van die lewenskwaliteit van mense in Suid-Afrika

Onder die belanghebbendes is die oorgrote meerderheid van mening dat die kerk beslis (n=43, 84.3%) en tot 'n mate (n=7, 13.7%) kan help met die verbetering van die lewenskwaliteit van die mense van die land. Slegs 'n onbeduidende persentasie is van mening dat die kerk glad nie (n=1, 2.0%) daarmee kan help nie.

Uit die respondente is die kerke belangegroep, soos verwag kan word, die een waar die hoogste persentasie (n=11, 100%) van mening is dat die kerk **beslis** kan help met die verbetering van die lewenskwaliteit van die mense van die land. Daarna volg vakbonde met dieselfde persentasie, maar 'n kleiner aantal respondente (n=5, 100%), besigheid (n=9, 90.0%), kultuurorganisasies en studenterade (beide n=5, 83.3%), welsyn (n=2, 66.6%), die regering (n=3, 60.0%) en joernaliste (n=3, 60.0%).

Wanneer na die volgorde van belangegroep wat van mening is dat die kerk **tot 'n mate** kan help met die verbetering van die lewenskwaliteit van die mense van die land gekyk word, verander die volgorde van response en behaal joernaliste (n=2, 40.0%) die hoogste persentasie gevolg deur welsyn (n=1, 33.3%), die regering (n=1, 20.0%), kultuurorganisasies en studenterade (beide n=1, 16.7%) en besigheid (n=1, 10.0%).

Die regering is die enigste belangegroep waar een respondent (20.0%) aangedui het dat die kerk **glad nie** kan help met die verbetering van die lewenskwaliteit van mense van die land nie.

Aksies wat die kerk kan loods om die lewenskwaliteit van mense te verbeter

'n Verskeidenheid van aksies wat geloods kan word is deur belangegroep genoem. Die belangrikste is die volgende: hulp aan mense (n=18, 36.0%), leiding gee en uitreik na mense (beide n=9, 18.0%), sendingwerk (n=5, 10.0%) en verkondigiging van die evangelie (n=4, 8.0%).

Verdere kleiner persentasies van tussen 4.0% en 2.0% het die volgende genoem: praat oor sake wat mense raak, stel voorbeeld, op vlak van mense/ meer huisbesoek om behoeftes te bepaal/nie, meer beskikbaar, minder aanmatig/ondersteun/bemoedig ander, begin onderwysentrums

om mense te leer, neem kennis van MIV/VIGS, maak jong mense betrokke by geloof, reël seminare vir alle rassegroepe en daar is 'n limiet, dit hang af van die regering.

Met die uitsondering van besighede het al die belangegroepe die hulpverlening aan mense/arm mense/kos, klere/ bystand en hulpverlening/kind as die eerste prioriteit gestel. Die oorwig van aktiwiteite kan ook as 'n kombinasie van sending/evangelisasie en hulpverlening geklassifiseer word.

Verpligting van die kerk om oor reg/onreg in die gemeenskap kommentaar te lewer

Onder die belanghebbendes is die oorgrote meerderheid van mening dat die kerk beslis (n=43, 84.3%) en tot 'n mate (n=4, 7.8%) verplig is om hom oor reg en onreg in die gemeenskap uit te spreek. Slegs 'n klein persentasie is van mening dat die kerk hom nie regtig nie (n=1, 2.0%) of glad nie (n=3, 5%) daaroor moet uitspreek nie.

Uit die respondente wat van mening is dat die kerk **beslis** verplig is om hom oor reg en onreg in die gemeenskap uit te spreek, het 100% van die kerke (n=11), vakbonde (n=5) en joernaliste (n=5) hierdie mening gehuldig. Daarna het die besighede (n=9, 90.0%), kultuurorganisasies (n=5, 83.3%), welsyn (n=2, 66.7%), die regering (n=3, 60.0%) en studenterade (n=3, 50.0%) gevolg.

Slegs die studenterade (n=3, 50.0%) en welsynsgroepe (n=1, 33.3%) het **tot 'n mate** gemeen dat die kerk verplig is om hom oor reg en onreg in die gemeenskap uit te spreek, terwyl besighede (n=1, 10.0%) dit **nie regtig** gesteun het nie en vakbonde (n=2, 40.0%) en kultuurorganisasies (n=1, 16.7%) dit **glad nie** gesteun het nie.

Gebeure in die onlangse verlede waarop kommentaar gelewer moes word

‘n Wye verskeidenheid van onderwerpe is deur respondente uit die belanghebbegroep opgenoem. Die grootste steun is vir die volgende gebeure geopper: MIV/VIGS (n=9, 19.1%), morele waardes en politiek (beide n=6, 12.8%), Zimbabwe/Midde-ooste (n=5, 10.6%), misdaad en wees die stem van die mense (beide n=4, 8.5%).

Die meerderheid van die belangegroep het hulle ten gunste van kerklike uitsprake oor MIV/VIGS, morele waardes, misdaad en geweldsmisdade uitgespreek. Hierdie houding sou te wagte wees. Die minder voorspelbare reaksie is die mening ten gunste van kerklike betrokkenheid in uitsprake oor die politiek, insluitend Zimbabwe en die Midde-Ooste.

‘n Beduidende aantal respondente (n=6, 12.8%) het aangedui dat hulle nie weet waarop die kerk moet kommentaar lewer nie.

Spraaksaamheid van die kerk oor kwelvrae

Onder die belanghebbegroep is die oorgrote meerderheid van mening dat die kerk **beslis** (n=35, 68.6%) en tot ‘n mate (n=10, 19.6%) meer spraaksaam moet wees oor kwelvrae. Slegs ‘n onbeduidende persentasie is van mening dat die kerk nie regtig nie (n=4, 7.8%) of glad nie (n=2, 3.9%) meer spraaksaam moet wees oor gemelde kwelvrae nie.

Uit die respondente wat van mening is dat die kerk **beslis** meer spraaksaam moet wees oor kwelvrae, het 100% van die kerke (n=11) hierdie mening gehuldig. Daarna het die besighede (n=8, 80.0%), joernaliste (n=4, 80.0%), kultuurorganisasies en studenterade (beide n=4,

66.7%), vakbonde (n=2, 40.0%), welsyn (n=1, 33.3%) en die regering (n=1, 20%) gevolg.

Met die uitsondering van die kerke, het al die belangegroepe **tot 'n mate** gemeen dat die kerk meer spraaksaam moet wees oor kwelvrae. Die steun vir die standpunt was in afnemende volgorde die volgende: welsyn (n=2, 66.7%), vakbonde (n=3, 60.0%), die regering en joernaliste (beide n=1, 20.0%), kultuurorganisasies en studenterade (beide n=1, 16.7%) en laastens besighede (n=1, 10.0%).

Slegs die regering (n=1, 20.0%), kultuurorganisasies en studenterade (beide n=1, 16.7%) en besighede (n=1, 10.0%) het dit **nie regtig** gesteun nie en die regering (n=2, 40.0%) het dit **glad nie** gesteun nie.

Relevansie van kwelvrae waarop die kerk tans kommentaar lewer

Onder die belanghebbende groepe is die oorgrote meerderheid van mening dat die kwelvrae waarop die kerk tans kommentaar lewer beslis (n=21, 41.2%) en tot 'n mate (n=21, 41.2%) tans relevant is. Slegs 'n klein persentasie is van mening dat die kwelvrae waarop die kerk kommentaar lewer nie regtig nie (n=7, 13.7%) of glad nie (n=2, 3.9%) relevant is nie.

Uit die respondente wat van mening is dat die kwelvrae waarop die kerk tans kommentaar lewer **beslis** tans relevant is, het die kerke (n=8, 72.7%) die leiding geneem. Daarna het die joernaliste (n=3, 60.0%), besighede (n=4, 40.0%), vakbonde (n=2, 40.0%), studenterade (n=2, 33.3%), die regering (n=1, 20%) en kultuurorganisasies (n=1, 16.7%) gevolg.

Al die belangegroepe het saamgestem dat die kwelvrae waarop die kerk tans kommentaar lewer **tot 'n mate** relevant is. Die steun vir die standpunt was in afnemende volgorde die volgende: welsyn (n=3, 100%),

vakbonde (n=3, 60.0%), kultuurorganisasies en studenterade (beide n=3, 50.0%), besighede (n=4, 40.0%), die regering (n=2, 40.0%), joernaliste (n=1, 20.0%) en laastens die kerke (n=2, 18.2%).

Met die uitsondering van die regering, vakbonde en welsyn het die ander belangegroep met klein persentasies gemeld dat die kwelvrae waarop die kerke tans kommentaar lewer **nie regtig** relevant is nie.

Slegs die regering (n=2, 40.0%) het dit **glad nie** gesteun nie.

Redes waarom die kerk se kommentaar ‘nie regtig nie’ of ‘glad nie’ relevant is nie

‘n Verskeidenheid van redes waarom belanghebbende groepe van mening is dat die kerk se kommentaar nie regtig nie of glad nie relevant is nie is gemeld. Die belangrikste rede was dat die kerk nie sake met die regte lewenssake vergelyk nie (n=4, 33.3%) wat deur die kerke self (n=2, 66.7%) en kultuurorganisasies en studenterade (beide n=1, 50.0%) gemeld is. Die ander was fokus tans meer op kerklike sake as ander sake/probleme (n=2, 16.7%) wat deur die joernaliste (n=1, 100%) en kerke (n=1, 33.3%) geopper is.

Ander redes wat deur slegs een respondent gemeld is, was o.a. dat die kerk nie vir mense kan sê wat is reg/verkeerd is nie en dat dit nie hulle gebied is nie (besigheid), dat die kerk nie genoeg kommentaar lewer nie (studenterade), dat die kerk moet ophou om so ‘n groot probleem van finansiering te maak (regering) en ten slotte dat hulle te maklik by politiek betrokke raak (besigheid).

‘n Relatiewe hoë persentasie, in die konteks van hierdie vraag en met inagneming van die klein respondentetal (n=2, 16.7%), het aangedui dat hulle nie weet nie.

Mate van kennis aangaande die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Onder die belanghebbegroep is die oorgrote meerderheid van mening dat hulle ‘n matige kennis omtrent die Nederduitse Gereformeerde Kerk het (n=23, 45.1%) of baie omtrent hulle weet (n=13, 25.5%), ‘n klein aantal meen dat hulle ‘n klein bietjie weet (n=11, 21,6%) terwyl enkeles (n=4, 7.8%) niks van hulle af weet nie.

Onder die belangegroep wat baie omtrent die Nederduitse Gereformeerde Kerk weet, is die volgende: joernaliste (n=3, 60.0%), besigheid (n=5, 50.0%), kerke (n=3, 27.3%), vakbonde (n=1, 20.0%) en kultuurorganisasies (n=1, 16.7%).

Daar was onder al die belangegroep respondentente wat van mening was dat hulle matige kennis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk dra. Hulle was die vakbonde (n=4, 80.0%), studenterade (n=4, 66.7%), kultuurorganisasies (n=3, 50.0%), kerke (5, 45.1%), besigheid (n=4, 40.0%), welsyn (n=1, 33.3%), die regering en joernaliste (beide n=1, 20.0%).

Met die uitsondering van die vakbonde en welsyn het al die belangegroep aangedui dat hulle ‘n klein bietjie omtrent die Nederduitse Gereformeerde Kerk weet. Verteenwoordiging het gewissel tussen 40% en 10% en was soos volg: die regering (n=2, 40.0%), kultuurorganisasies (n=2, 33.3%), kerke (n=3, 27.3%), joernaliste (n=1, 20.0%) en besigheid (n=1, 10.0%).

Slegs respondente van die welsyn (n=2, 66.7%) en regering (n=2, 40.0%) het aangedui dat hulle niks weet nie.

Bron van kundigheid oor die NG Kerk

Onder die belanghebbegroeppe meld die meerderheid respondente dat hulle hul kennis as lidmate van die NG Kerk opgedoen het (n=12, 33.3%). 'n Verdere groot bron van kennis is die media en publikasies van die kerk (beide n=10, 27.8%), predikante van die kerk (n=7, 19.4%), voormalige lidmate van die NG Kerk, lidmate van die kerk en boeke (almal n=4, 11.1%), die bywoning van eredienste en eie gemeentes (beide n=2, 5.6%), terwyl die Bybel/Bybelstudie, interne kerkbyeenkomste en liefdadigheidsprojekte (almal n=1, 2.8%) 'n minimale bydrae gemaak het.

Uit die response is dit duidelik dat die lidmaatskap van die kerk direk en indirek 'n groot invloed uitoefen en daarna die media en kerklike publikasies.

Hoofrolspelers by meningvorming omtrent die NG Kerk

Die grootste aantal belanghebbegroeppe meen dat lidmate van die NG Kerk en lidmaatskap van die NG Kerk (n=10, 25.6%) die hoofrol by meningvorming omtrent die NG Kerk speel. Ander belangrike rolspelers is die lidmate van die kerk (n=8, 20.5%), die media (n=6, 15.4%), predikante van die kerk (n=4, 10.3%) en publikasies van die NG Kerk (n=3, 33.3%). Aspekte/rolspelers wat 'n klein rol gespeel het by meningvorming omtrent die NG Kerk was voormalige lidmate van die kerk, bywoning van eredienste, eie gemeentes, boeke en die invloed van 'n NG Kerk in die omgewing, die waarneem van lidmate in die verbygaan en die sing van liedere (elk n=2, 5.1%) en ten slotte liefdadigheidsprojekte (n=1, 2.6%).

Lidmaatskap van die NG Kerk het by alle belangegroepes 'n invloed uitgeoefen behalwe by die regering en die kerke. Die invloed van lidmate van die kerk is ook hoog en het slegs by die regering, vakbonde en welsyn nie 'n rol gespeel nie.

Die rol wat die media, publikasies van die NG Kerk en boeke gespeel het is aansienlik.

Algemene siening/persepsie van die NG Kerk

Die meerderheid van die respondente onder die belanghebbers se siening van die NG Kerk is goed (n=19, 44.2%) en baie goed (n=6, 14.0%), terwyl 'n verdere redelike persentasie se siening nóg goed nóg sleg is (n=7, 16.3%). 'n Redelike persentasie meen dat dit sleg is (n=6, 14.0%) en baie sleg (n=2, 4.7%) is terwyl 7% (n=3) onbelangstellend is of nie weet nie.

Met die uitsondering van die regering het al die belangegroepes tot 'n meerdere of mindere mate gemeen dat hulle persepsie van die NG Kerk **goed** is. Die volgorde van sodanige mening was joernaliste (n=4, 80.0%), kerke (n=6, 54.5%), welsyn (n=1, 50.0%), vakbonde en kultuurorganisasies (beide n=2, 40.0%), besigheid (n=3, 33.3%) en studenterade (n=1, 25.0%).

Dieselfde persentasie respondente het gemeen dat hulle siening van die NG Kerk baie goed was en sleg was. Die belangegroepes wie se siening **baie goed** was was studenterade (n=1, 25.0%), vakbonde en kultuurorganisasies (beide n=1, 20.0%), kerke (n=2, 18.2%) en besigheid (n=1, 11.1%). Dié wie se siening **sleg** was was vakbonde (n=2, 40.0%), studenterade (n=1, 25.0%), kultuurorganisasies en joernaliste (beide n=1, 20.0%) en besigheid (n=1, 11.1%).

Dié belangegroep wat gemeen het dat hulle siening **nóg goed nóg sleg** is was die regering (n=1, 50.0%), kerke (n=3, 27.3%), studenterade (n=1, 25.0%), kultuurorganisasies (n=1, 20.0%) en besigheid (n=1, 11.1%).

Slegs die regering (n=1, 50.0%) en besigheid (n=1, 11.1%) het aangedui dat hulle siening **baie sleg** is, terwyl welsyn (n=1, 50.0%) en besigheid (2, 22.2%) aangedui het dat hulle **onbelangstellend is of nie weet nie**.

Relevansie van die NG Kerk

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die belangegroep stem saam (n=16, 40.0%) en stem beslis saam (n=9, 22.5%) dat die NG Kerk relevant is, terwyl 'n verdere kleiner persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=8, 20.0%). Die persentasies wat nie saamstem nie (n=6, 15.0%) en definitief nie saamstem nie (n=1, 2.5%) is baie klein.

Met die uitsondering van die regering en welsyn het al die belangegroep tot 'n meerdere of mindere mate **saamgestem** dat die NG Kerk relevant is. Die mate van instemming het was soos volg: kultuurorganisasies (n=3, 60.0%), besighede (n=4, 50.5%), studenterade (n=2, 50.0%), vakbonde (n=2, 40.0%), kerke (n=4, 36.4%) en joernaliste (n=1, 20.0%).

Hoewel alle belangegroep, met die uitsondering van die regeringsbelangegroep tot 'n meerdere of mindere mate beslis saamgestem het dat die NG Kerk relevant is, was die totale persentasie net effens hoër as dié van die belangegroep wat nóg saamgestem nóg verskil het. Die mate waartoe groepe **beslis saamgestem** het was soos volg: welsyn (n=1, 100%), joernaliste (n=2, 40.0%), studenterade (n=1, 25.0%), vakbonde en kultuurorganisasies (n=1, 20.0%), kerke (n=2, 18.2%) en besighede (n=1, 12.5%).

In vergelyking met bostaande was die mate waartoe groepe **nóg saamgestem nóg verskil** het soos volg: regering (n=1, 100%), joernaliste (n=2, 40.0%), kerke (n=3, 27.3%) en besighede (n=1, 12.5%). Kleiner persentasies van groepe het nie saamgestem nie. Hulle was studenterade (n=1, 25.0%), vakbonde en kultuurorganisasies (n=1, 20.0%), kerke (n=2, 18.2%) en besighede (n=1, 12.5%).

Slegs besigheid **stem definitief nie saam** dat die NG Kerk relevant is nie (n=1, 12.5%).

NG Kerk gewilligheid om aan te pas veranderde eise van die tyd

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die belangegroepe stem beslis saam en stem saam (beide n=13, 32.5%) dat die NG Kerk gewillig is om aan te pas by die veranderende eise van die tyd, terwyl 'n verdere klein persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=7, 17.5%). Die persentasies wat nie saamstem nie (n=5, 12.5%) en definitief nie saamstem nie (n=2, 5.0%) is baie klein.

Met die uitsondering van die regering, vakbonde en welsyn het al die belangegroepe tot 'n meerdere of mindere mate **beslis saamgestem** dat die NG Kerk gewillig is om aan te pas by die veranderende eise van die tyd. Die mate van instemming was soos volg: joernaliste (n=4, 80.0%), studenterade (n=2, 50.0%), kultuurorganisasies (n=2, 40.0%), kerke (n=4, 36.4%) en besighede (n=1, 12.5%).

Alle belangegroepe, met die uitsondering van die regeringsbelangegroep en welsyn, het tot 'n meerdere of mindere mate **saamgestem** het dat die NG Kerk gewillig is om aan te pas by die veranderende eise van die tyd. Die mate waartoe groepe **saamgestem** het was soos volg: vakbonde (n=3,

60.0%), besighede (n=3, 37.5%), kerke (n=4, 36.4%), studenterade (n=1, 25.0%), joernaliste en kultuurorganisasies (beide n=1, 20.0%).

In vergelyking met bostaande was die mate waartoe groepe **nóg saamgestem nóg verskil** het soos volg: welsyn (n=1, 100%), kerke (n=3, 27.3%), besighede (n=2, 25.0%) en kultuurorganisasies (n=1, 20.0%). Kleiner persentasies van groepe het **nie saamgestem nie**. Hulle was vakbonde (n=2, 40.0%), studenterade (n=1, 25.0%), kultuurorganisasies (n=1, 20.0%) en besighede (n=1, 12.5%).

Slegs die regering (n=1, 100%) en besigheid (n=1, 12.5%) **stem definitief nie saam** dat die NG Kerk gewillig is om aan te pas by die veranderende eise van die tyd nie.

NG Kerk het 'n betekenisvolle impak op ons gemeenskap

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die belangegroep stem saam (n=16, 40.0%) en stem beslis saam (n=11, 27.5%) dat die NG Kerk 'n betekenisvolle impak op hulle gemeenskap het, terwyl 'n verdere klein persentasie **nóg saamstem nóg verskil** (n=4, 10.0%). Die persentasies wat **nie saamstem nie** (n=6, 15.0%) en **definitief nie saamstem nie** (n=3, 7.5%) is relatief klein in vergelyking met die positiewe en neutrale response.

Alle belangegroep het tot 'n meerdere of mindere mate **saamgestem** het dat die NG Kerk 'n betekenisvolle impak op hulle gemeenskap het. Die mate waartoe groepe **saamgestem** het was soos volg: regering en welsyn (beide n=1, 100%), kultuurorganisasies (n=3, 60.0%), besighede (n=3, 37.5%), kerke (n=4, 36.4%), vakbonde (n=3, 60.0%), studenterade (n=1, 25.0%) en joernaliste (n=2, 40.0%).

Met die uitsondering van die regering, vakbonde en welsyn het al die belangegroep tot 'n meerdere of mindere mate **beslis saamgestem** dat die NG Kerk 'n betekenisvolle impak op hulle gemeenskap het. Die mate van instemming was soos volg: joernaliste (n=3, 60.0%), studenterade (n=2, 50.0%), kerke (n=4, 36.4%) kultuurorganisasies (n=1, 20.0%) en besighede (n=1, 12.5%).

Die mate waartoe groepe **nóg saamgestem nóg verskil** het was soos volg: vakbonde (n=1, 20.0%), kerke (n=2, 18.2%) en besighede (n=1, 12.5%). 'n Effens groter groep het **nie saamgestem nie**. Hulle was vakbonde (n=3, 60.0%), studenterade (n=1, 25.0%), besighede (n=1, 12.5%) en kerke (n=1, 9.1%).

Slegs die besigheid (n=2, 25.0%) en kultuurorganisasies (n=1, 20.0%) **stem definitief nie saam** dat die NG Kerk 'n betekenisvolle impak op hulle gemeenskap het nie.

NG Kerk dra by tot versoening in Suid-Afrika

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die belanghebbegroep stem saam (n=14, 35.0%) en stem beslis saam (n=10, 25.0%) dat die NG Kerk bydra tot versoening in Suid-Afrika, terwyl 'n verdere klein persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=8, 20.0%). Die persentasie wat nie saamstem nie (n=6, 15.0%) en definitief nie saamstem nie (n=2, 5.0%) is redelik klein.

Alle belangegroepes behalwe die regering het **saamgestem** dat die NG Kerk bydra tot versoening in Suid-Afrika. Die mate waartoe elkeen van die groepe die standpunt gesteun het was soos volg: welsyn (n=1, 100%), kultuurorganisasies (n=3, 60.0%), besigheid (n=3, 37.5%), kerke (n=4, 36.4%), studenterrade (n=1, 25.0%), vakbonde en joernaliste (beide n=1, 20.0%).

Alle belangegroepes behalwe welsyn het **beslis saamgestem** dat die NG Kerk bydra tot versoening in Suid-Afrika. Die mate waartoe elkeen van die groepe die standpunt gesteun het was soos volg: regering (n=1, 100%), joernaliste (n=3, 60.0%), studenterrade (n=1, 25.0%), vakbonde en kultuurorganisasies (beide n=1, 20.0%), kerke (n=2, 18.2%) en besigheid (n=1, 12.5%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nóg saamstem nóg verskil** was die kerke (n=3, 27.3%), besigheid (n=2, 25.0%), studenterrade (n=1, 25.0%), vakbonde en joernaliste (n=1, 20.0%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nie saamstem nie** was die studenterrade (n=1, 25.0%), vakbonde en kultuurorganisasies (n=1, 20.0%), kerke (n=2, 18.2%) en besigheid (n=1, 12.5%).

Slegs die vakbonde (n=1, 20.0%) en besigheid (n=1, 12.5%) het **definitief nie saamgestem** dat die NG Kerk bydra tot versoening in Suid-Afrika nie.

NG Kerk verdraagsaamheid teenoor alle rassegroepe in Suid-Afrika

Die meerderheid van die respondente onder die belanghebbegroep stem saam (n=12, 30.0%) en stem nóg saamstem nóg verskil (n=12, 30.0%) dat die NG Kerk verdraagsaam is teenoor alle rassegroepe in Suid-Afrika, terwyl 'n verdere persentasie beslis saamstem (n=6, 15.0%) en dieselfde nie saamstem nie (n=6, 15.0%), terwyl 'n kleiner persentasie definitief nie saamstem nie (n=4, 10.0%).

Met die uitsondering van welsyn en die regering **stem** alle belangegroep **saam** dat die NG Kerk verdraagsaam is teenoor alle rassegroepe in Suid-Afrika. Die mate waartoe elkeen van die groepe die standpunt gesteun het was soos volg: vakbonde, kultuurorganisasies en joernaliste (beide n=2, 40.0%), kerke (n=4, 36.4%), studenterade (n=1, 25.0%) en besigheid (n=1, 12.5%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nóg saamstem nóg verskil** was welsyn (n=1, 100%), besigheid (n=5, 62.5%), die kerke (n=4, 36.4%), kultuurorganisasies en joernaliste (beide n=1, 20.0%).

Slegs studenterade (n=2, 50.0%), joernaliste (n=2, 40.0%), kultuurorganisasies (n=1, 20.0%) en kerke (n=1, 9.1%) het **beslis saamgestem** dat die NG Kerk verdraagsaam is teenoor alle rassegroepe in Suid-Afrika.

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nie saamstem nie** was die vakbonde (n=2, 40.0%), studenterade (n=1, 25.0%), kerke (n=2, 18.2%) en besigheid (n=1, 12.5%).

Die regering (n=1, 100%), vakbonde en kultuurorganisasies (beide n=1, 20.0%) en besigheid (n=1, 12.5%) het **definitief nie saamgestem** dat die NG Kerk verdraagsaam is teenoor alle rassegroepe in Suid-Afrika nie.

NG Kerk is outyds

Die meerderheid van die respondente onder die belanghebbegroep stem nóg saam nóg verskil en stem nie saam (beide n=11, 27.5%) met die stelling dat die NG Kerk outyds is nie. 'n Verdere kleiner persentasie stem definitief nie saam nie (n=7, 17.5%), terwyl effens minder saamstem (n=6, 15.0%) en beslis saamstem (n=5, 12.5%).

Die persentasies respondente wat die verskeie menings oor die stelling huldig is meer gebalanseerd as meeste van die ander vrae.

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nóg saamstem nóg verskil** van die stelling dat die NG Kerk outyds is was vakbonde (n=4, 80.0%), besigheid (n=3, 37.5%), studenterade (n=1, 25.0%), joernaliste (n=1, 20.0%) en kerke (n=2, 18.2%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nie saamstem nie** was kerke (n=5, 45.5%), kultuurorganisasies (n=2, 40.0%), besigheid (n=2, 25.0%), vakbonde en joernaliste (beide n=1, 20.0%).

Welsyn (n=1, 100%), joernaliste (n=2, 40.0%), studenterade en besigheid (beide n=1, 25.0%) en kultuurorganisasies (n=1, 20.0%) **definitief nie saamgestem** met die stelling dat die NG Kerk outyds is nie.

Slegs kerke (n=3, 27.3%), studenterade (n=1, 25.0%), kultuurorganisasies (n=1, 20.0%) en besigheid (n=1, 12.5%) **stem saam** dat die NG Kerk outyds is.

Die regering (n=1, 100%), studenterade (n=1, 25.0%), kultuurorganisasies en joernaliste (beide n=1, 20.0%) en kerke (n=1, 9.1%) het **beslis saamgestem** dat die NG Kerk outyds is.

NG Kerk hou tred met veranderde tye

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die belanghebbegroep stem saam en stem nóg saam nóg verskil (beide n=11, 27.5%) dat die NG Kerk tred hou met veranderde tye, terwyl 'n verdere aansienlike persentasie beslis saamstem (n=10, 25.0%). Die persentasies wat nie saamstem nie (n=6, 15.0%) en definitief nie saamstem nie (n=2, 5.0%) is baie klein.

Die persentasies respondente wat die verskeie menings oor die stelling huldig is baie positief.

Met die uitsondering van die regering en welsyn het respondente van alle groepe aangedui dat hulle **saamstem** dat die NG Kerk tred hou met veranderde tye. Die persentasie steun was soos volg: kerke (n=5, 45.5%), vakbonde (n=2, 40.0%), studenterade (n=1, 25.0%), kultuurorganisasies en joernaliste (beide n=1, 20.0%) en besigheid (n=1, 12.5%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nóg saamstem nóg verskil** van die stelling dat die NG Kerk tred hou met veranderde tye was welsyn (n=1, 100%), besigheid (n=4, 50.0%), kerke (n=3, 27.3%), studenterade (n=1, 25.0%), vakbonde en kultuurorganisasies (beide n=1, 20.0%).

Die joernaliste (n=4, 80.0%), kultuurorganisasies (n=2, 40.0%), kerke (n=3, 27.3%) en studenterade (n=1, 25.0%) **beslis saamgestem** dat die NG Kerk tred hou met veranderde tye.

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nie saamstem nie** was vakbonde (n=2, 40.0%), besigheid (n=2, 25.0%), studenterade (n=1, 25.0%) en kultuurorganisasies (n=1, 20.0%).

Die regering (n=1, 100%) en besigheid (n=1, 12.5%) het **definitief nie saamgestem** met die stelling dat die NG Kerk tred hou met veranderde tye nie.

NG Kerk diskrimineer nie op grond van geslag nie

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die belanghebbegroep stem saam (n=13, 32.5%) en stem nóg saamstem nóg verskil (n=12, 30.0%) terwyl 'n verderebeslis aansienlike persentasie beslis saamstem (n=8, 20.0%) dat die NG Kerk nie op grond van geslag diskrimineer nie. Die persentasies wat definitief nie saamstem nie (n=4, 10.0%) en nie saamstem nie (n=3, 7.5%) is klein.

Ook in hierdie geval is die persentasies respondente wat die verskeie menings oor die stelling huldig baie positief.

Met die uitsondering van die regering, studenterade en welsyn het respondente van alle groepe aangedui dat hulle **saamstem** dat die NG Kerk nie op grond van geslag diskrimineer nie. Die persentasie steun was soos volg: besigheid (n=5, 62.5%), kultuurorganisasies (n=2, 40.0%), kerke (n=4, 36.4%), vakbonde en joernaliste (beide n=1, 20.0%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nóg saamstem nóg verskil** van die stelling dat die NG Kerk nie op grond van geslag diskrimineer nie was vakbonde (n=3, 60.0%), kerke (n=5, 45.5%), besigheid en studenterade (beide n=1, 25.0%) en kultuurorganisasies (n=1, 20.0%).

Die regering en welsyn (beide n=1, 100%), studenterade (n=3, 75.0%), joernaliste (n=2, 40.0%) en vakbonde (n=1, 20.0%) het **beslis saamgestem** dat die NG Kerk nie op grond van geslag diskrimineer nie.

Joernaliste (n=2, 40.0%), kultuurorganisasies (n=1, 20.0%) en besigheid (n=1, 12.5%) het **definitief nie saamgestem** met die stelling dat die NG Kerk nie op grond van geslag diskrimineer nie.

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nie saamstem nie** was kerke (n=2, 18.2%) en vakbonde (n=1, 20.0%).

NG Kerk diskrimineer nie op grond van seksuele oriëntasie nie

Die meeste van die respondente onder die belanghebbergroepe stem nóg saam nóg verskil (n=12, 30.0%) en stem saam (n=9, 22.5%) dat die NG Kerk nie op grond van seksuele oriëntasie diskrimineer nie, terwyl 'n verdere redelike persentasie (n=7, 17.5%) beslis saamstem met die stelling. Die persentasies wat nie saamstem nie (n=9, 22.5%) en definitief nie saamstem nie (n=3, 7.5%) is klein.

Ook in hierdie geval is die persentasies respondente wat die verskeie menings oor die stelling huldig baie positief, hoewel die persentasie wat saamstem en nie saamstem nie dieselfde is.

Met die uitsondering van die regering en welsyn het respondente van alle groepe aangedui dat hulle **nóg saamstem nóg verskil** van die stelling dat die NG Kerk nie op grond van seksuele oriëntasie diskrimineer nie. Die persentasie steun was soos volg: vakbonde (n=3, 60.0%), joernaliste (n=2, 40.0%), kerke (n=4, 36.4%), studenterade (n=1, 25.0%), kultuurorganisasies (n=1, 20.0%) en besigheid (n=1, 25.0%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **saamstem** dat die NG Kerk nie op grond van seksuele oriëntasie diskrimineer nie was besigheid (n=4, 50.0%), kultuurorganisasies (n=2, 40.0%), joernaliste (n=1, 20.0%) en kerke (n=2, 18.2%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nie saamstem nie** was kerke (n=5, 45.5%), studenterade (n=1, 25.0%), vakbonde, kultuurorganisasies en joernaliste (almal n=1, 20.0%).

Die regering en welsyn (beide n=1, 100%), studenterade (n=2, 50.0%), joernaliste en vakbonde (beide n=1, 20.0%) en besighede (n=1, 12.5%) het **beslis saamgestem** dat die NG Kerk nie op grond van seksuele oriëntasie diskrimineer nie.

Besigheid (n=2, 25.0%) en kultuurorganisasies (n=1, 20.0%) het **definitief nie saamgestem** met die stelling dat die NG Kerk nie op grond van seksuele oriëntasie diskrimineer nie.

NG Kerk is standvastig/gevestig in hul weë

Die meerderheid van die respondente onder die belanghebbergroepe stem beslis saam (n=16, 40.0%), stem saam (n=8, 20.0%) of stem nóg saam nóg verskil (n=9, 22.5%) van die standpunt dat die NG Kerk standvastig of gevestig is in hul weë. Hierteenoor stem 12.5% (n=5) nie saam nie en stem 5.0% (n=2) definitief nie saam dat die NG Kerk standvastig is in hul weë nie.

Die persentasies wat nie saamstem nie en definitief nie saamstem nie is klein en moontlik negeerbaar in die lig van die oorwegend positiewe en groot stem beslis saam, stem saam en selfs stem nóg saam nóg verskil totale.

Met die uitsondering van die regering en kerke het respondente van alle groepe aangedui dat hulle **beslis saamstem** met die stelling dat die NG Kerk standvastig is in hul weë. Die persentasie steun was soos volg: welsyn (n=1, 100%), kultuurorganisasies (n=4, 80.0%), studenterade (n=3, 75.0%), joernaliste (n=3, 60.0%), vakbonde (n=2, 40.0%) en besigheid (n=3, 37.5%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nóg saamstem nóg verskil** van die standpunt dat die NG Kerk standvastig is in hul weë was besigheid (n=3, 37.5%), kerke (n=4, 36.4%), vakbonde en joernaliste (beide n=1, 20.0%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **saamstem** dat die NG Kerk standvastig is in hul weë was kerke (n=5, 45.5%), besigheid (n=2, 25.0%) en kultuurorganisasies (n=1, 20.0%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nie saamstem nie** was vakbonde (n=2, 40.0%), studenterade (n=1, 25.0%) en kerke (n=2, 18.2%).

Die regeringsgroep (n=1,100%) en joernalistegroep (n=1, 20.0%) het **definitief nie saamgestem** met die stelling dat die NG Kerk standvastig is in hul weë nie.

NG Kerk speel 'n betekenisvolle rol in die verligting van armoede in Suid-Afrika

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die belanghebbegroep stem saam (n=15, 38.5%) en stem beslis saam (n=9, 23.1%) dat die NG Kerk 'n betekenisvolle rol in die verligting van armoede in Suid-Afrika speel, terwyl 'n verdere persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=6, 15.4%). Die persentasies wat nie saamstem nie (n=7, 17.9%) en definitief nie saamstem nie (n=2, 5.1%) is klein.

Die oorwig van respondente van al die groepe het die standpunt gesteun dat die NG Kerk 'n betekenisvolle rol in die verligting van armoede in Suid-Afrika speel.

Met die uitsondering van die regering en joernaliste het al die groepe aangedui dat hulle **saamstem** dat die NG Kerk 'n betekenisvolle rol in die verligting van armoede in Suid-Afrika speel. Die mate waartoe hulle die standpunt gesteun het was welsyn (n=1, 100%), kultuurorganisasies (n=4, 80.0%), besigheid (n=4, 50.0%) kerke (n=4, 36.4%), vakbonde en studenterrade (beide n=1, 25.0%).

Die persentasie steun van respondente wat aangedui het dat hulle **beslis saamstem** met die stelling was soos volg: regering (n=1, 100%), joernaliste (n=4, 80.0%), studenterrade (n=1, 25.0%), kultuurorganisasies (n=1, 20.0%) en kerke (n=2, 18.2%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nie saamstem nie** was vakbonde (n=2, 50.0%), besigheid (n=2, 25.0%), studenterrade (n=1, 25.0%) en kerke (n=2, 18.2%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nóg saamstem nóg verskil** van die standpunt dat die NG Kerk 'n betekenisvolle rol in die verligting van armoede in Suid-Afrika speel was kerke (n=3, 27.3%), vakbonde en studenterrade (beide n=1, 25.0%) en joernaliste (n=1, 20.0%).

Die besigheidsgroep (n=2, 25.0%) was die enigste groep wat **definitief nie saamgestem** het met die stelling dat die NG Kerk 'n betekenisvolle rol in die verligting van armoede in Suid-Afrika speel nie.

NG Kerk is eksklusief

Die meerderheid van die respondente onder die belanghebbere groepe stem saam (n=14, 35.0%) en stem beslis saam (n=6, 15.0%), terwyl 'n kleiner persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=3, 7.5%) van die standpunt dat die NG Kerk eksklusief is. Aansienlike persentasies stem definitief nie saam (n=9, 22.5%) of stem nie saam (n=8, 20.0%) dat die NG Kerk eksklusief is nie.

Uit die response blyk dit dat bykans net soveel respondente meen dat die NG Kerk eksklusief is as die wat die standpunt nie steun nie.

Met die uitsondering van die regering, joernaliste en welsyn het al die groepe aangedui dat hulle **saamstem** dat die NG Kerk eksklusief is. Die mate waartoe hulle die standpunt gesteun het was kerke (n=7, 63.6%), vakbonde (n=2, 40.0%), besigheid (n=3, 37.5%), studenterade (n=1, 25.0%) en kultuurorganisasies (n=1, 20.0%).

Die studenterade (n=2, 50.0%), kultuurorganisasies en joernaliste (n=2, 40.0%), besigheid (n=2, 25.0%) en kerke (n=1, 9.1%) was die groepe wat **definitief nie saamstem** met die stelling dat die NG Kerk eksklusief is nie.

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nie saamstem nie** was welsyn (n=1, 100%), vakbonde (n=3, 60.0%), kultuurorganisasies en joernaliste (beide n=1, 20.0%), besigheid (n=1, 12.5%) en kerke (n=1, 9.1%).

Die persentasie steun van respondente wat aangedui het dat hulle **beslis saamstem** met die stelling was soos volg: regering (n=1, 100%), besigheid (n=2, 25.0%), studenterade (n=1, 25.0%), kultuurorganisasies en joernaliste (beide n=1, 20.0%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nóg saamstem nóg verskil** van die standpunt dat die NG Kerk eksklusief is was joernaliste (n=1, 20.0%) en kerke (n=2, 18.2%).

NG Kerk is toeganklik

Die meerderheid van die respondente onder die belanghebbegroeppe stem saam (n=14, 35.0%) en stem beslis saam (n=10, 25.0%) dat die NG Kerk toeganklik is, terwyl 'n verdere redelike persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=8, 20.0%). Die persentasie wat nie saamstem nie (n=7, 17.5%) en definitief nie saamstem nie (n=1, 2.5%) is klein.

Die respondente van die onderskeie groepe het oorwegend positief teenoor die NG Kerk gereageer deur grotendeels die toeganklikheid van die kerk te bevestig.

Met die uitsondering van die regering en welsyn het al die groepe aangedui dat hulle **saamstem** dat die NG Kerk toeganklik is. Die mate waartoe hulle die standpunt gesteun het was kerke (n=8, 72.7%), besigheid (n=2, 25.0%), studenterade (n=1, 25.0%), vakbonde, kultuurorganisasies en joernaliste (almal n=1, 20.0%).

Die persentasie steun van respondente wat aangedui het dat hulle **beslis saamstem** met die stelling was soos volg: regering en welsyn (n=1, 100%), joernaliste (n=3, 60.0%), studenterade (n=2, 50.0%), vakbonde en kultuurorganisasies (beide n=1, 20.0%) en kerke (n=1, 9.1%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nóg saamstem nóg verskil** van die standpunt dat die NG Kerk toeganklik is was kultuurorganisasies (n=2, 40.0%), besigheid (n=3, 37.5%), joernaliste (n=1, 20.0%) en kerke (n=2, 18.2%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nie saamstem nie** was vakbonde (n=3, 60.0%), besigheid (n=2, 25.0%), studenterade (n=1, 25.0%) en kultuurorganisasies (n=1, 20.0%).

Slegs besigheid (n=1, 12.5%) het met 'n klein persentasie **definitief nie saamstem** met die stelling dat die NG Kerk toeganklik is nie.

NG Kerk bevorder eenheid in die kerk

Die meerderheid van die respondente onder die belanghebbegroep stem saam (n=12, 30.8%) en stem beslis saam (n=9, 23.1%) dat die NG Kerk eenheid in die kerk bevorder, terwyl die grootste persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=14, 35.9%). Die persentasie wat nie saamstem nie (n=3, 7.7%) en definitief nie saamstem nie (n=1, 2.6%) is baie klein.

Die respondente het oorwegend positief gevoel oor die NG Kerk met 'n aansienlike persentasie wat nóg saamstem nóg verskil. Die geheelbeeld is gevolglik dat die meerderheid respondente meen dat die NG Kerk eenheid in die kerk bevorder.

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nóg saamstem nóg verskil** van die standpunt dat die NG Kerk eenheid in die kerk bevorder was die regering (n=1, 100%), kerke (n=6, 54.5%), vakbonde (n=2, 50.0%), besigheid (n=3, 37.5%), studenterade (n=1, 25.0%) en joernaliste (n=1, 20.0%).

Met die uitsondering van die regering en welsyn het al die groepe aangedui dat hulle **saamstem** dat die NG Kerk eenheid in die kerk bevorder. Die mate waartoe hulle die standpunt gesteun het was kerke (n=5, 45.5%), kultuurorganisasies (n=2, 40.0%), besigheid (n=2, 25.0%), vakbonde en studenterade (beide n=1, 25.0%) en joernaliste (n=1, 20.0%).

Die persentasie steun van respondente wat aangedui het dat hulle **beslis saamstem** met die stelling was soos volg: welsyn (n=1, 100%), joernaliste (n=3, 60.0%), studenterade (n=2, 50.0%), kultuurorganisasies (n=2, 40.0%) en besigheid (n=1, 12.5%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nie saamstem nie** was vakbonde (n=1, 25.0%), kultuurorganisasies (n=1, 20.0%) en besigheid (n=1, 12.5%).

Slegs besigheid (n=1, 12.5%) het met 'n klein persentasie **definitief nie saamstem** met die stelling dat die NG Kerk eenheid in die kerk bevorder nie.

NG Kerk is konserwatief

Die meerderheid van die respondente onder die belanghebbegroeppe stem saam (n=13, 32.5%) en stem beslis saam (n=6, 15.0%) dat die NG Kerk konserwatief is, terwyl 'n aansienlike persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=8, 20.0%) van die standpunt. 'n Verdere redelike persentasie stem definitief nie saam (n=7, 17.5%) en stem nie saam (n=6, 15.0%) dat die NG Kerk konserwatief is nie.

Die persentasies wat saamstem (n=13, 32.5%) en beslis saamstem (n=6, 15.0%), saamgelees met die persentasie wat nóg saamstem nóg verskil (n=8, 20.0%) van die standpunt dui daarop dat die meerderheid van mening is dat die NG Kerk wel konserwatief is.

Met die uitsondering van die regering, joernaliste en welsyn het al die groepe aangedui dat hulle **saamstem** dat die NG Kerk konserwatief is. Die mate waartoe hulle die standpunt gesteun het was kerke (n=7, 63.6%), vakbonde (n=2, 40.0%), besigheid (n=2, 25.0%), studenterade (n=1, 25.0%) en kultuurorganisasies (n=1, 20.0%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nóg saamstem nóg verskil** van die standpunt dat die NG Kerk konserwatief is was kerke (n=3, 27.3%), besigheid (n=2, 25.0%), studenterade (n=1, 25.0%), vakbonde en joernaliste (beide n=1, 20.0%).

Met die uitsondering van besigheid en die regering het al die groepe aangedui dat hulle **definitief nie saamstem** met die stelling dat die NG Kerk konserwatief is nie. Die mate waartoe hulle die standpunt gesteun het was welsyn (n=1, 100%), joernaliste (n=2, 40.0%), studenterade (n=1, 25.0%), vakbonde en kultuurorganisasies (beide n=1, 20.0%) en kerke (n=1, 9.1%).

Die persentasie steun van respondente wat aangedui het dat hulle **beslis saamstem** met die stelling was soos volg: regering (n=1, 100%), kultuurorganisasies (n=2, 40.0%), studenterade (n=1, 25.0%), joernaliste (n=1, 20.0%) en besigheid (n=1, 12.5%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nie saamstem nie** met die standpunt dat die NG Kerk konserwatief is nie was besigheid (n=3, 37.5%), vakbonde, kultuurorganisasies en joernaliste (n=1, 20.0%).

NG Kerk ondersteun transformasie in ons gemeenskap

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die belanghebbegroep stem saam (n=16, 40.0%) en stem beslis saam (n=8, 20.0%) dat die NG Kerk transformasie in ons gemeenskap bevorder, terwyl 'n verdere redelike persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=9, 22.5%). Die persentasie wat nie saamstem nie (n=5, 12.5%) en definitief nie saamstem nie (n=2, 5.0%) is klein.

Die oorwegende respons van al die groepe is positief en die meerderheid meen dat die NG Kerk transformasie in ons gemeenskap ondersteun.

Met die uitsondering van die regering, studenterade en welsyn het al die groepe aangedui dat hulle **saamstem** dat die NG Kerk transformasie in die gemeenskap ondersteun. Die mate waartoe hulle die standpunt gesteun het was kerke (n=8, 72.7%), besigheid (n=4, 50.0%), kultuurorganisasies (n=2, 40.0%), vakbonde en joernaliste (beide n=1, 20.0%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nóg saamstem nóg verskil** van die standpunt dat die NG Kerk transformasie in die gemeenskap ondersteun was die regering (n=1, 100%), vakbonde (n=3, 60.0%), joernaliste (beide n=2, 40.0%), studenterade (n=1, 25.0%), besigheid (n=1, 12.5%) en kerke (n=1, 9.1%).

Die persentasie steun van respondente wat aangedui het dat hulle **beslis saamstem** met die stelling was soos volg: welsyn (n=1, 100%), studenterade (n=2 50.0%), kultuurorganisasies en joernaliste (beide n=2, 40.0%) en kerke (n=1, 9.1%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nie saamstem nie** met die standpunt dat die NG Kerk transformasie in die gemeenskap ondersteun nie was studenterade (n=1, 25.0%), vakbonde en kultuurorganisasies (beide n=1, 20.0%), besigheid (n=1, 12.5%) en kerke (n=1, 9.1%).

Slegs besigheid (n=2, 25.0%) het aangedui dat hulle **definitief nie saamstem** met die standpunt dat die NG Kerk transformasie in die gemeenskap ondersteun nie.

NG Kerk dra by tot die vorming van 'n positiewe waardestelsel

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die belanghebbergroepe stem beslis saam (n=18, 45.0%) en stem saam (n=16, 40.0%) dat die NG Kerk bydra tot die vorming van 'n positiewe waardestelsel, terwyl 'n verdere klein persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=2, 5.0%). Die persentasie wat nie saamstem nie (n=3, 7.5%) en definitief nie saamstem nie (n=1, 2.0%) is klein.

Die response op hierdie vraag is oorweldigend positief teenoor die rol van die NG Kerk in die vorming van 'n positiewe waardestelsel en dui op 'n stabiele fondament wat deur die kerk gelê word.

Al die belanghebbegroepes het aangedui het dat hulle **beslis saamstem** met die stelling. Die mate waartoe hulle die standpunt gesteun het was soos volg: die regering en welsyn (n=1, 100%), joernaliste (n=4, 80.0%), studenterade (n=3 75.0%), kultuurorganisasies (n=3, 60.0%), kerke (n=4, 36.4%), vakbonde (n=1, 20.0%) en besigheid (n=1, 12.5%).

Met die uitsondering van die regering en welsyn het al die groepe aangedui dat hulle **saamstem** dat die NG Kerk bydra tot die vorming van 'n positiewe waardestelsel. Die mate waartoe hulle die standpunt gesteun het was vakbonde (n=3, 60.0%), besigheid (n=4, 50.0%), kerke (n=5, 45.5%), kultuurorganisasies (n=2, 40.0%), studenterade (n=1, 25.0%) en joernaliste (n=1, 20.0%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nóg saamstem nóg verskil** van die standpunt dat die NG Kerk bydra tot die vorming van 'n positiewe waardestelsel was besigheid (n=1, 12.5%) en kerke (n=1, 9.1%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **nie saamstem nie** met die standpunt dat die NG Kerk bydra tot die vorming van 'n positiewe waardestelsel was vakbonde (n=1, 20.0%), besigheid (n=1, 12.5%) en kerke (n=1, 9.1%).

Slegs besigheid (n=1, 12.5%) het aangedui dat hulle **definitief nie saamstem** met die standpunt dat die NG Kerk bydra tot die vorming van 'n positiewe waardestelsel nie.

NG Kerk is 'n plek waar verskillende groepe welkom voel

Die meerderheid van die respondente onder die belanghebbegroep stem saam (n=7, 17.5%) en stem beslis saam (n=7, 17.5%) dat die NG Kerk 'n plek is waar verskillende groepe welkom voel, terwyl 'n groter persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=10, 25.0%). Die grootste enkele persentasie is egter die wat nie saamstem nie (n=12, 30.0%) en definitief nie saamstem nie (n=4, 10.0%).

Die oorwig van mening blyk te wees dat die NG Kerk 'n plek is waar verskillende groepe nie welkom voel nie.

Met die uitsondering van die regering en welsyn het al die groepe aangedui dat hulle **nie saamstem** dat die NG Kerk 'n plek is waar verskillende groepe welkom voel nie. Die mate waartoe hulle die standpunt gesteun het was studenterade (n=2, 50.0%), vakbonde en kultuurorganisasies (beide n=2, 40.0%), kerke (n=4, 36.4%) en besigheid (n=1, 12.5%).

Slegs kerke (n=5, 45.5%), joernaliste (n=2, 40.0%) en besigheid (n=3, 37.5%) het aangedui dat hulle **nóg saamstem nóg verskil** van die standpunt dat die NG Kerk 'n plek is waar verskillende groepe welkom voel.

Die groepe wat aangedui het dat hulle **saamstem** met die standpunt dat die NG Kerk 'n plek is waar verskillende groepe welkom voel was vakbonde (n=2, 40.0%), besigheid (n=2, 25.0%), vakbonde (n=2, 40.0%) en kerke (n=2, 18.2%).

Die belanghebbegroep wat aangedui het dat hulle **beslis saamstem** met die stelling was soos volg: welsyn (n=1, 100%), studenterade (n=2, 50.0%), kultuurorganisasies en joernaliste (beide n=2, 40.0%).

Slegs die regering (n=1, 100%), besigheid (n=2, 25.0%) en vakbonde (n=1, 20.0%) het aangedui dat hulle **definitief nie saamstem** met die standpunt dat die NG Kerk 'n plek is waar verskillende groepe welkom voel nie.

NG Kerk word gekniehalter deur sy verlede

Die meerderheid van die respondente onder die algemene publiek stem beslis saam (n=22, 55.0%) en stem saam (n=6, 15.0%) met die standpunt dat die NG Kerk gekniehalter word deur sy verlede. 'n Klein persentasie stem nóg saam nóg verskil (n=3, 7.5%) van die standpunt terwyl 'n redelike persentasie nie saamstem nie (n=5, 12.5%) en definitief nie saamstem nie (n=4, 10.0%).

Die reaksie van die respondente dui baie duidelik daarop dat die NG Kerk se verlede hom kniehalter en dat hy deur sy optrede sal moet bewys dat hy 'n toekomsvisie en taak vir homself in die nuwe Suid-Afrika sien. Hierdie visie en taak moet uitgelewe word in die breë gemeenskap.

Met die uitsondering van welsyn het al die groepe aangedui dat hulle **beslis saamstem** dat die NG Kerk se verlede hom kniehalter. Die mate waartoe hulle die standpunt gesteun het was joernaliste (n=5, 100%), regering (n=1, 100%), vakbonde (n=3, 60.0%), kerke (n=6, 54.5%), besigheid (n=4, 50.0%), kultuurorganisasies (n=2, 40.0%) en studenterade (n=1, 25.0%).

Die groepe wat aangedui het dat hulle **saamstem** met die standpunt dat die NG Kerk se verlede hom kniehalter was kultuurorganisasies (n=2, 40.0%), vakbonde (n=1, 20.0%), kerke (n=2, 18.2%) en besigheid (n=1, 12.5%).

Die belanghebbergroepe wat aangedui het dat hulle **nie saamstem** met die stelling nie was soos volg: welsyn (n=1, 100%), vakbonde (n=1, 20.0%), kerke (n=2, 18.2%) en besigheid (n=1, 12.5%).

Stuudenterade (n=2, 50.0%), kultuurorganisasies (n=1, 20.0%) en besigheid (n=1, 12.5%) het aangedui dat hulle **definitief nie saamstem** met die standpunt dat die NG Kerk se verlede hom kniehalter nie.

Slegs studenterade (n=1, 25.0%), besigheid (n=1, 12.5%) en kerke (n=1, 9.1%), het aangedui dat hulle **nóg saamstem nóg verskil** van die standpunt dat die NG Kerk se verlede hom kniehalter.

Algemene persepsie van predikante van NG Kerk

Die meerderheid van die respondente onder die belanghebbergroepe se persepsie van predikante van die NG Kerk is goed (n=20, 48.8%) en baie goed (n=5, 12.2%), terwyl 'n verdere 12.2% (n=5) meen dat hulle nóg goed nóg sleg is. 'n Klein persentasie (n=4, 9.8%) meen dat die predikante sleg is en 'n verdere 4.9% (n=2) dat hulle baie sleg is.

12.2% (n=5) van die respondente het aangedui dat hulle onbelangstellend is of nie weet nie.

Gemelde negatiewe persepsies word oorskadu deur die positiewe persepsies wat geopper is.

Met die uitsondering van die regering, het alle groepe aangedui dat die algemene persepsie van predikante van die NG Kerk **goed** is. Die mate waartoe hulle die standpunt gesteun het was soos volg: welsyn (n=1, 100%), kerke (n=9, 81.8%), joernaliste (n=4, 80.0%), kultuurorganisasies (n=3, 60.0%), studenterade (n=1, 25.0%), vakbonde (n=1, 20.0%) en besigheid (n=1, 12.5%).

Studenterade (n=2, 50.0%), vakbonde en kultuurorganisasies (beide n=1, 20.0%) en besigheid (n=1, 11.1%) het aangedui dat die algemene persepsie van predikante van die NG Kerk **baie goed** is.

Groepe wat aangedui het dat hulle siening van die predikante **nóg goed nóg sleg** is was studenterade (n=1, 25.0%), besigheid (n=2, 22.2%) en kerke (n=2, 18.2%).

Vakbonde, kultuurorganisasies en joernaliste (almal n=1, 20.0%) en besigheid (n=1, 11.1%) het aangedui dat hulle algemene persepsie van predikante van die NG Kerk **sleg** is.

Slegs die regering (n=1, 100%) en besigheid (1, 11.1%) het aangedui dat hulle siening van die predikante van die NG Kerk **baie sleg** is.

Respondente wat **onbelangstellend** was of **nie geweet** het nie was uit die vakbonde (n=2, 40.0%) en besigheid (n=3, 33.3%).

Dit sou baie saak maak indien die NG Kerk sou ophou bestaan

Die meerderheid van die respondente onder die belanghebbegroeppe stem beslis saam (n=23, 56.1%) en stem saam (n=5, 12.2%) dat dit baie saak sou maak indien die NG Kerk sou ophou bestaan, terwyl 'n verdere klein persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=2, 4.9%). Die persentasie wat nie saamstem nie (n=7, 17.1 %) en definitief nie saamstem nie (n=4, 9.8%) is baie klein.

Die belanghebbegroeppe wat meen dat dit baie sou saak maak indien die NG Kerk sou ophou bestaan is ver in die meerderheid. Hierdie response dui op die algemene waarde wat die groepe aan die rol van die kerk in die samelewing in die breë heg.

Met die uitsondering van welsyn het al die belangegroeppe **beslis saamgestem** dat dit baie sou saak maak indien die NG Kerk sou ophou bestaan. Die mate waartoe die groepe die standpunt ondersteun het was soos volg: die regering (n=1, 100%), joernaliste (n=4, 80.0%), studenterade (n=3, 75.0%), kerke (n=7, 63.6%), besigheid (n=5, 55.6%), kultuurorganisasies (n=2, 40.0%) en vakbonde (n=1, 20.0%).

Die groepe wat **nie** met die stelling **saamgestem** het **nie** was welsyn (n=1, 100%), vakbonde (n=3, 60.0%), kultuurorganisasies (n=2, 40.0%) en besigheid (n=1, 11.1%).

Slegs studenterade (n=1, 25.0%), besigheid (n=2, 22.2%) en kerke (n=2, 12.2%) het **saamgestem** dat dit baie sou saak maak indien die NG Kerk sou ophou bestaan.

Kultuurorganisasies (n=1, 20.0%), kerke (n=2, 18.2%) en besigheid (n=1, 11.1%) het **definitief nie saamgestem** dat dit baie sou saak maak indien die NG Kerk sou ophou bestaan nie.

Groepe wat aangedui het dat hulle **nóg saam stem nóg verskil** was vakbonde en joernaliste (beide n=1, 20.0%)

NG Kerk is toegewy aan die God van die Bybel

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die belanghebbegroepes stem beslis saam (n=19, 46.3%) en stem saam (n=17, 41.5%) dat die NG Kerk toegewy is aan die God van die Bybel, terwyl 'n verdere klein persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=2, 4.9%). Die persentasie wat nie saamstem nie (n=2, 4.9%) en definitief nie saamstem nie (n=1, 2.4%) is baie klein.

Die meerderheid van die groepe respondente is dus van mening dat die kerk hom bepaal by sy roeping.

Met die uitsondering van welsyn het al die belangegroepes **beslis saamgestem** dat die NG Kerk toegewy is aan die God van die Bybel. Die mate waartoe die groepe die standpunt ondersteun het was soos volg: die regering (n=1, 100%), joernaliste (n=5, 100%), kultuurorganisasies (n=3, 60.0%), studenterade (n=2, 50.0%), besigheid (n=4, 44.4%), kerke (n=3, 27.3%) en vakbonde (n=1, 20.0%).

Groepe wat aangedui het dat hulle **saamstem** dat die NG Kerk toegewy is aan die God van die Bybel is welsyn (n=1, 100%), kerke (n=6, 54.5%), studenterade (n=2, 50.0%), besigheid (n=4, 44.4%), vakbonde en kultuurorganisasies (beide n=2, 40.0%).

Groepe wat aangedui het dat hulle **nóg saam stem nóg verskil** was vakbonde (n=1, 20.0%) en kerke (n=1, 9.1%).

Die groepe wat **nie** met die stelling **saamgestem** het **nie** was vakbonde (n=1, 20.0%) en besigheid (n=1, 11.1%).

Kerke (n=1, 9.1%) was die enigste groep wat **definitief nie saamgestem** dat die NG Kerk toegewy is aan die God van die Bybel nie.

NG Kerk gee om vir mense

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die belanghebbegroep stem beslis saam (n=17, 43.6%) en stem saam (n=14, 35.9%) dat die NG Kerk omgee vir mense, terwyl 'n verdere klein persentasie nóg saamstem nóg verskil (n=3, 7.7%). Die persentasie wat nie saamstem nie (n=4, 10.3%) en definitief nie saamstem nie (n=1, 2.6%) is baie klein.

Die meerderheid van die belanghebbegroep is oortuig dat die NG Kerk sy omgee vir mense uitleef.

Met die uitsondering van welsyn het al die belangegroep **beslis saamgestem** dat die NG Kerk omgee vir mense. Die mate waartoe die groepe die standpunt ondersteun het was soos volg: die regering (n=1, 100%), joernaliste (n=8, 80.0%), studenterade (n=2, 66.6%), besigheid (n=4, 44.4%), kultuurorganisasies (n=2, 40.0%), kerke (n=3, 27.3%) en vakbonde (n=1, 25.0%).

Al die groepe behalwe die regering het aangedui dat hulle **saamstem** dat die NG Kerk omgee vir mense. Die mate waartoe die groepe die standpunt ondersteun het was soos volg: welsyn (n=1, 100%), kultuurorganisasies (n=3, 60.0%), kerke (n=5, 45.5%), studenterade (n=1, 33.3%), vakbonde (n=1, 25.0%), besigheid (n=2, 22.2%) en joernaliste (n=1, 20.0%).

Die groepe wat **nie** met die stelling **saamgestem** het **nie** was vakbonde (n=2, 40.0%), besigheid (n=1, 11.1%) en kerke (n=1, 9.1%).

Groepe wat aangedui het dat hulle **nóg saam stem nóg verskil** was kerke (n=2, 18.2%) en besigheid (n=1, 11.1%).

Besigheid (n=1, 11.1%) was die enigste groep wat **definitief nie saamgestem** dat die NG Kerk omgee vir mense nie.

Media dra 'n positiewe beeld van die NG Kerk oor

Die meerderheid van die respondente onder die belanghebbergroepe stem nóg saam nóg verskil (n=11, 28.9%) van die standpunt dat die media 'n positiewe beeld van die NG Kerk uitdra. Die persentasie wat nie definitief nie saamstem nie (n=11, 28.9%) en nie saamstem nie (n=10, 26.3%) dui ondubbelsinnig daarop dat die rol wat die media teenoor die NG Kerk speel nie positief ervaar word nie. Die persentasie groepe wat met die stelling saamstem is relatief laag (n=5, 13.2%) en die wat beslis saamstem (n=1, 2.6%) baie laag. Hierdie situasie dui dus daarop dat daar van die NG Kerk se kant af meer aandag geskenk kan word aan die beeld van die kerk in die breë media.

Met die uitsondering van vakbonde, welsyn en kerk het die ander belanghebbegroepes almal **definitief nie** met die stelling dat die media 'n positiewe beeld van die NG Kerk oordra saamgestem nie. Die mate waartoe hulle hul steun verleen het was regering (n=1, 100%), joernaliste (n=3, 75.0%), studenterade (n=2, 50.0%), kultuurorganisasies (n=2, 40.0%) en besigheid (n=3, 37.5%).

Groepe wat **nie** met die stelling **saamstem nie** is vakbonde (n=2, 50.0%), besigheid (n=3, 37.5%), kerke (n=4, 36.4%) en kultuurorganisasies (n=1, 20.0%).

Groepe wat aangedui het dat hulle **nóg saam stem nóg verskil** was kerke (n=6, 54.5%), studenterade (n=2, 50.0%), joernaliste (n=1, 25.0%), kultuurorganisasies (n=1, 20.0%) en besigheid (n=1, 12.5%).

Groepe wat **saamgestem** het was welsyn (n=1, 100%), vakbonde (n=2, 50.0%), kultuurorganisasies (n=1, 20.0%) en kerke (n=1, 9.1%).

Slegs besigheid (n=1, 12.5%) het **beslis saamgestem** dat die media 'n positiewe beeld van die NG Kerk oorgedra het.

Areas waar die kerk 'n rol in ons gemeenskap behoort te speel

'n Wye spektrum van areas waar die kerk 'n rol in die gemeenskap behoort te speel is deur respondente van die belanghebbegroepes genoem. Die verskeidenheid word gelys in volgorde van afnemende steun. Die areas met die hoogste steun was vir steun aan mense wat deur MIV/VIGS geraak word, weeskinders, bejaardes en die armes (almal n=33, 82.5%), morele herophou/ontwikkeling (n=31, 77.5%), transformasie (n=29, 72.5%), sosiale ontwikkeling en misdadesteun (beide n=28, 70.0%), rassisme (n=26, 65.0%) en Volwasse Basiese Opvoeding en Opleiding

(ABET) (n=23, 57.5%). Baie laag op die skaal was dat die kerk die evangelie behoort te verkondig en nie betrokke behoort te raak by kwelvrae nie (n=3, 7.5%) en politiek en regeringsbeleide (n=1, 2.5%).

Dit blyk dat die verwagting is dat die kerk 'n groot rol moet speel in sosiale opheffing en opleiding, terwyl die werklike kerklike pligte tot 'n mate negeer word.

VRAE VIR LEDE VAN DIE NG KERK ALLEENLIK

Oorweging om die NG Kerk te verlaat

Die helfte van die belanghebbers wat lede van die NG Kerk is het dit nog **glad nie** (n=7, 50.0) oorweeg om die NG Kerk te verlaat nie en 'n klein persentasie **nie regtig nie** (n=1, 7.1). 'n Persentasie van 14.3 (n=2) het dit **beslis** oorweeg om die NG Kerk te verlaat terwyl tweemaal soveel (n=4, 28.6) sodanige stap **tot 'n mate** oorweeg het. Die indruk is dat die lidmate van die NG Kerk wel tevrede is met hul lidmaatskap.

Uit die belanghebbers wat nog **glad nie** dit oorweeg het om die NG Kerk te verlaat nie, was die response in die volgorde vakbonde en welsyn (beide n=1, 100), kultuurorganisasies en studenterade (beide n=1, 50.0), besigheid (n=2, 40.0) en laastens joernaliste (n=1, 33.3).

Die besigheidsgroep (n=2, 40.0) het dit **beslis** oorweeg om die NG Kerk te verlaat, terwyl kultuurorganisasies en studenterade (beide n=1, 50.0), joernaliste (n=1, 33.3) en besighede (n=1, 20.0) dit **tot 'n mate** oorweeg het.

Slegs uit die joernalistegroep (n=1, 33.3) is gemeld dat hulle dit nie regtig oorweeg het om die NG Kerk te verlaat nie.

Redes waarom lidmate die NG Kerk wou verlaat

Die redes wat deur die 6 respondente genoem is waarom hulle die NG Kerk sou verlaat is wyd uiteenlopend. Die meeste (n=2, 33.3) het gesê die kerk lewer nie wat hulle behoort te lewer/verskaf nie. Hierdie response het vanuit die geledere van die joernaliste (n=1, 100) en besigheid (n=1, 33.3) gekom. 'n Verdere 33.3 (n=2) uit die geledere van die besigheid het gesê die kerk is outyds. Die kultuurorganisasies (n=1, 100) het gemeld dat die kerk koud is en geen hitte het nie, besigheid (n=1, 33.3) dat boodskappe leeg en studenterade (n=1, 100) dat die gemeente of kerk uitgesterf het. Daar is dus nie besondere of baie spesifieke redes waarom respondente dit sou oorweeg om die NG Kerk te verlaat nie.

Positiewe ingesteldheid teenoor die NG Kerk, maar nie my gemeente nie

Die grootste persentasie van die respondentegroepe stem **beslis nie saam nie** (n=13, 86.7) dat hulle positief ingestel is teenoor die NG Kerk maar nie teenoor hulle gemeente nie. Al die belangegroepe het hierdie stelling grotendeels ondersteun. Die persentasies waarmee die groepe die stelling ondersteun het was soos volg: besigheid (n=5, 100), vakbonde (n=1, 100), studenterade (n=2, 100), welsyn (n=1, 100), joernaliste (n=3, 75.0) en kultuurorganisasies (n=1, 50).

'n Verdere klein persentasie (n=1, 6.7) uit die geledere van die joernaliste (n=1, 25.0) **stem nie saam nie** terwyl 'n verdere klein persentasie **nóg saamstem nóg verskil** (n=1, 6.7) van die stelling dat hulle positief ingestel is teenoor die NG Kerk maar nie teenoor hulle gemeente nie en hulle maak deel uit van die kultuurorganisasies (n=1, 50.0).

Positiewe ingesteldheid teenoor my gemeente, maar nie die NG Kerk nie

Die grootste persentasie van die respondente stem beslis nie saam nie (n=11, 73.3) of stem nie saam (n=1, 6.7) met die stelling dat hulle positief ingestel is teenoor hulle gemeente, maar nie teenoor die NG Kerk nie. 'n Persentasie van 20.0 (n=3) stem beslis saam met die stelling.

Respondente uit al die belangegroepe het tot die volgende mate aangedui dat hulle **beslis nie** met die stelling dat hulle positief ingestel is teenoor hulle gemeente, maar nie teenoor die NG Kerk **saamstem nie**: vakbonde en kerke (n=1, 100), besigheid (n=4, 80.0), joernaliste (n=3, 75.0), kultuurorganisasies en studenterade (beide n=1, 50.0).

Uit die joernaliste het 25.0 (n=1) aangedui dat hy nie met die stelling saamstem nie, terwyl lede van die kultuurgroepe en studenterade (n=1, 50.0) en besigheid (n=1, 20.0) gemeld het dat hulle **beslis saamstem**.

Kennis van NG Kerk publikasies

Die meerderheid van die belanghebbers het **beslis** (n=11, 57.9) of **tot 'n mate** (n=2, 10.5) kennis gedra van kerk publikasies terwyl 'n aansienlike persentasie **nie regtig nie** (n=2, 10.5) of **glad nie** (n=4 21.1) van enige van die kerk se publikasies geweet het nie.

Die groepe wat **beslis** van die kerk se publikasies geweet het was welsyn (n=1, 100), besigheid (n=4, 80.0), kultuurorganisasies (n=2, 66.7), studenterade (n=1, 50.0) joernaliste (n=2, 50.0) en kerke (n=1, 33.3).

Kerkgroepe (n=2, 66.7) het aangedui dat hulle **tot 'n mate** van enige van die kerk se publikasies geweet het, terwyl vakbonde (n=1, 100) en

joernaliste (n=1, 25.0) aangedui het dat hulle **nie regtig** kennis gedra het nie.

Stuđenterade (n=1, 50.0), kultuurorganisasies (n=1, 33.3), joernaliste (n=1, 25.0) en besigheid (n=1, 20.0) het almal aangedui dat hulle **glad nie** van enige van die kerk se publikasies weet nie.

Spesifieke publikasies

Die publikasies waarvan die meeste belanghebbers geweet het was die Kerkbode (n=7, 53.8). In hierdie geval was dit die joernaliste (n=2, 100) en welsyn (n=1, 100) wat die hoogste persentasies behaal het, daarna die kerke (n=2, 66.7), kultuurorganisasies (n=1, 50) en die besigheid. Kennis aangaande ander publikasies is min en Die Lig en Dagboek word elk deur 2 respondente gemeld terwyl 'n verdere 2 nie weet nie/nie kan onthou nie.

Die indruk is dat besighede die meeste blootstelling aan 'n verskeidenheid van publikasies het van al die groepe, gevolg deur kultuurorganisasies, joernaliste, welsyn en kerke.

5. GEVOLGTREKKING

HOUDING TEENOOR DIE KERK IN DIE ALGEMEEN

Belangrikheid van godsdiens tans

Uit die ondersoek is dit duidelik dat die grootste persentasie respondente onder die algemene publiek en die belanghebbers godsdiens as baie belangrik en belangrik beskou. Hierdie gegewe kan 'n aanduiding wees dat die kerk in die algemeen 'n positiewe invloed uitoefen.

Belangrikheid van die kerk tans

Die meerderheid respondente uit die algemene publiek en belanghebbers dat die kerk baie belangrik is. Van die belanghebbers is dit die kerke self en kultuurorganisasies wat die voortou neem. Gevolglik sou hulle ook die voertuie kan wees om die rol van die kerk te verbreed.

Noodsaaklikheid van die kerk as voertuig vir mense om hul geloof te beoefen

Die erkenning van die noodsaaklikheid van die kerk as voertuig vir die mense om hul geloof te beoefen lig weer eens die belangrikheid van die rol van die kerk uit. Dit plaas ook 'n besondere verantwoordelikheid op die kerk indien hy aan hierdie verwagting wil voldoen.

Daar is beslis in die belangegroep studenterrade, vakbonde, die regering, kultuurorganisasies en besighede baie ruimte vir samewerking binne en met die groepe om die kerk se rol te vestig en uit te brei..

Die kerk se rol in die moderne gemeenskap

Die belangrikste rolle van die kerk in die moderne gemeenskap word gesien as dié van leiding, verkondiging van die Woord en die diens van barmhartigheid. Sommige van die rolle kan as positief en sommige as kritiek beskryf word byvoorbeeld dat dit 'n politiese basis word. Die positiewe rolle het oorwegend meer steun ontvang as die negatiewe rolle.

Kerk se vermoë om te help met die verbetering van die lewenskwaliteit van mense in Suid-Afrika

Daar is onder die meerderheid van die algemene publiek en die belanghebbers 'n erkenning dat die kerk kan help met die verbetering van die lewenskwaliteit van die mense van die land. Hierdie situasie skep dan ook die verwagting dat die kerk 'n beduidende rol sal speel in die steun om lewenskwaliteit te verbeter, iets wat moontlik te veel druk op die kerk plaas.

Aksies wat die kerk kan loods om die lewenskwaliteit van mense te verbeter

Die klem van verwagte aksies wat die kerk kan loods om die lewenskwaliteit van mense te verbeter val op die verligting van nood by hulpbehoewendes, bemagtiging deur kennis en geestelike uitreiking.

Met die uitsondering van besighede het al die belangegroepes die hulpverlening aan mense as eerste prioriteit gestel. Ander belangrike aksies was leiding en uitreik na mense. Die oorwig van aktiwiteite kan ook as 'n kombinasie van sending/evangelisasie en hulpverlening geklassifiseer word.

Verpligting van die kerk om oor reg/onreg in die gemeenskap kommentaar te lewer

Die oorgrote meerderheid van die algemene publiek en al die belanghebbegroepes is van mening dat die kerk verplig is om hom oor reg en onreg in die gemeenskap uit te spreek. Hierdie houding plaas 'n groot verantwoordelikheid op die kerk om by alle gebeure, as prioriteit plaaslik, maar ook internasionaal 'n standpunt in te neem. Die verwagting word geskep dat die kerk die rol van bewaker moet vervul en betrokke moet raak waar waardes en norme geskend word.

Gebeure in die onlangse verlede waarop kommentaar gelewer moes word

Die meerderheid van die algemene publiek en die belangegroepes het hulle ten gunste van kerklike uitsprake oor MIV/VIGS, morele waardes, en misdade uitgespreek. Hierdie houding sou te wagte wees. Die minder voorspelbare reaksie onder belanghebbers is die mening ten gunste van kerklike betrokkenheid in uitsprake oor die politiek, insluitend Zimbabwe en die Midde-Ooste. Dit dui weer eens op die verwagting dat die kerk die nasionale bewaker van morele waardes en sedes sowel as menseregte moet wees. Daar word veral verwag dat die kerk moet opstaan en gehoor moet word wanneer sake nasionaal en internasionaal teen die grein van morele waardes en menseregte indruis. Hierdie verwagting is sensitief aangesien dit die kerk in opposisie met die regering van die dag kan plaas.

Spraaksaamheid van die kerk oor kwelvrae

Onder die algemene publiek en belanghebbegroep is die oorgrote meerderheid van mening dat die kerk meer spraaksaam moet wees oor kwelvrae. Dit ondersteun dus die standpunt oor die verpligting om oor reg en onreg kommentaar te lewer.

Relevansie van kwelvrae waarop die kerk tans kommentaar lewer

Onder die algemene publiek en die belanghebbers is die oorgrote meerderheid van mening dat die kwelvrae waarop die kerk tans kommentaar lewer relevant is.

Redes waarom die kerk se kommentaar ‘nie regtig nie’ of ‘glad nie’ relevant is nie

‘n Verskeidenheid van redes waarom belanghebbegroep van mening is dat die kerk se kommentaar nie regtig nie of glad nie relevant is nie is gemeld. Die persentasies was egter klein en in vergelyking met die behoeftes ten gunste van meer uitsprake. Die belangrikste rede hoekom die kerk nie relevant is volgens die algemen publiek is dat kerk nie die reg het om vir mense voor te skryf nie en onde die belanghebbers die sake nie vergelyk werk met realiteit nie.

Mate van kennis aangaande die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Ongeveer 'n kwart van beide die algemen publiek en die belanghebbegroep is van mening dat hulle ‘n matige kennis omtrent die Nederduitse Gereformeerde Kerk het. Hierdie situasie dui daarop dat die NG Kerk weliswaar meer moeite kan doen om homself en sy werk bekend

te stel. 'n Struikelblok wat genoem is, is dat die meeste inligting net in Afrikaans beskikbaar is, wat 'n deel van die bevolking nie verstaan nie.

Bron van kundigheid oor die NG Kerk

Uit die response is dit duidelik dat lidmaatskap van die kerk en kontak met lidmate 'n groot invloed uitoefen op die kundigheidsvlak van die belanghebbergroepe en daarna die media en kerklike publikasies. Dit beteken dus dat hierdie metodes van bekendstelling suksesvol is en uitgebrei behoort te word.

Hoofrolspelers by meningvorming omtrent die NG Kerk

Lidmaatskap van die NG Kerk en kontak met lidmate van die kerk het 'n kritiese bydrae te lewer in meningvorming oor die NG Kerk.

Die rol wat lidmate, predikante, media, publikasies van die NG Kerk en boeke gespeel het is aansienlik en moet uitgebou word.

Algemene siening/persepsie van die NG Kerk

Met die uitsondering van die regering het al die belangegroepe en die algemene publiek tot 'n meerdere of mindere mate gemeen dat hulle persepsie van die NG Kerk goed is.

'n Redelike persentasie van die belanghebbers het gemeen dat hulle siening van die NG Kerk baie sleg of sleg was. Hier lê 'n uitdaging op die NG Kerk se pad om die negatiewe siening teen te werk.

Relevansie van die NG Kerk

Die oorgrote meerderheid van die respondente onder die algemene publiek en belangegroep stem saam dat die NG Kerk relevant is. Hierdie mening is belangrik aangesien dit dui op 'n groter ontvanklikheid vir die kerk. Dit kan derhalwe die geleentheid tot uitbreiding van sy werk verbreed.

NG Kerk gewilligheid om aan te pas by veranderde eise van die tyd

Die meerderheid van die respondente onder die algemene publiek en belangegroep stem saam dat die NG Kerk gewillig is om aan te pas by die veranderende eise van die tyd. Hierdie dui op 'n erkende aanpasbaarheid van die kerk wat sy voortgesette relevansie kan bevestig.

NG Kerk het 'n betekenisvolle impak op ons gemeenskap

Die oorgrote meerderheid van die respondente stem saam dat die NG Kerk 'n betekenisvolle impak op hulle gemeenskap het. Hierdie is positiewe terugvoer en bemoedigend vir toekomstige aktiwiteite.

NG Kerk dra by tot versoening in Suid-Afrika

Die oorgrote meerderheid van die respondente stem tot 'n meerdere of mindere mate saam dat die NG Kerk bydra tot versoening in Suid-Afrika. Hierdie positiewe belewenis onder die respondente behoort as aanmoediging vir die kerk te dien.

NG Kerk verdraagsaamheid teenoor alle rassegroepe in Suid-Afrika

Die meerderheid van die respondente stem tot 'n meerdere of mindere mate saam saam dat die NG Kerk verdraagsaam is teenoor alle rassegroepe in Suid-Afrika. Die persentasie wat egter nie daarmee saamstem nie is 'n vingerwysing dat aandag hieraan geskenk moet word.

NG Kerk is outyds

Die meerderheid van die respondente onder die belanghebbergroepe verskil in 'n meerdere of mindere mate saam met die stelling dat die NG Kerk outyds is. Net meer as 'n kwart van die belanghebbers voel egter dat die NG Kerk wel outyds is.

NG Kerk hou tred met veranderde tye

Die oorgrote meerderheid van die respondente stem tot 'n meerdere of mindere mate saam dat die NG Kerk tred hou met veranderde tye. 'n Vyfde van die belanhebbers stem egter nie saam nie (wat verband hou met die siening dat die NG Kerk outyds is). Hier is daar ruimte vir bewyslewing dat die kerk nie outyds is nie en wel tred hou met veranderde tye.

NG Kerk diskrimineer nie op grond van geslag nie

Die oorgrote meerderheid van die respondente stem saam dat die NG Kerk nie op grond van geslag diskrimineer nie. Die persentasies respondente wat die verskeie menings oor die stelling huldig is baie positief.

NG Kerk diskrimineer nie op grond van seksuele oriëntasie nie

Die meeste van die respondente stem saam dat die NG Kerk nie op grond van seksuele oriëntasie diskrimineer nie. Ook in hierdie geval is die persentasies respondente wat die verskeie menings oor die stelling huldig baie positief, hoewel die persentasie wat saamstem en nie saamstem nie dieselfde is en dui op optrede wat geneem kan word om die saak te verbeter. Daar is egter 'n groep mense wat van mening is dat die kerk hulle moet uitspreek teen homoseksueles omdat dit volgens die Bybel reg is.

NG Kerk is standvastig/gevestig in hul weë

Die meerderheid van die respondente stem saam met die standpunt dat die NG Kerk standvastig of gevestig is in hul weë. Die persentasies wat nie saamstem nie en definitief nie saamstem nie is klein en moontlik negeerbaar in die lig van die oorwegend positiewe response.

NG Kerk speel 'n betekenisvolle rol in die verligting van armoede in Suid-Afrika

Die oorwig van respondente het die standpunt gesteun dat die NG Kerk 'n betekenisvolle rol in die verligting van armoede in Suid-Afrika speel. Hierdie sienings is 'n pluimpie vir die kerk, maar behoort ook as aansporing te dien.

NG Kerk is eksklusief

Uit die response blyk dit dat bykans net soveel respondente uit die belanghebbegroep meen dat die NG Kerk eksklusief is as die wat die standpunt nie steun nie. Hierdie situasie behoort 'n uitdaging aan die kerk

te bied. Die algemene publiek voel egter tot 'n mindere mate dat die NG Kerk eksklusief is.

NG Kerk is toeganklik

Die respondente het oorwegend positief teenoor die NG Kerk gereageer deur grotendeels die toeganklikheid van die kerk te bevestig.

NG Kerk bevorder eenheid in die kerk

Die respondente het oorwegend positief gevoel oor die NG Kerk met 'n aansienlike persentasie wat nóg saamstem nóg verskil. Die geheelbeeld is gevolglik dat die meerderheid respondente meen dat die NG Kerk eenheid in die kerk bevorder.

NG Kerk is konserwatief

'n Klein meerderheid van die respondente onder die belanghebbegroep stem tot 'n mindere of meerdere mate saam dat die NG Kerk konserwatief is. Hierdie menings is in effek in stryd met voriges wat daarop dui dat die kerk aanpas by veranderde tye en wye erkenning geniet. Verdere ondersoek na hierdie persepsie kan nodig wees. Respondente van die algemene publiek was minder geneig om saam te stem, alhoewel byna 'n vyfde wel gevoel het dat die NG Kerk konserwatief is.

NG Kerk ondersteun transformasie in ons gemeenskap

Die oorwegende respons van die respondente is positief en die meerderheid meen dat die NG Kerk transformasie in ons gemeenskap ondersteun.

NG Kerk dra by tot die vorming van 'n positiewe waardestelsel

Die response op hierdie vraag is baie positief en dui op 'n stabiele fondament wat deur die kerk gelê word.

NG Kerk is 'n plek waar verskillende groepe welkom voel

Die oorwig van mening onder belanghebbers blyk te wees dat die NG Kerk 'n plek is waar verskillende groepe nie welkom voel nie. Weer eens is die indruk dat hierdie respons strydig is met van die voriges en is antwoorde moontlik in isolasie gegee. Tog is hierdie negatiewe siening krities belangrik en moet aandag daaraan geskenk word. Daar was opmerkings dat taal wel 'n rol speel in dié persepsie. Die meerderheid van die algemene publiek voel egter dat alle groepe welkom is.

NG Kerk word gekniehalter deur sy verlede

Die reaksie van die belanghebbers dui baie duidelik daarop dat die NG Kerk se verlede hom kniehalter en dat hy deur sy optrede sal moet bewys dat hy 'n toekomsvisie en taak vir homself in die nuwe Suid-Afrika sien. Hierdie visie en taak moet uitgelewe word in die breë gemeenskap. Lede van die algemene publiek is minder geneig om hiermee saam te stem.

Algemene persepsie van predikante van NG Kerk

Die meerderheid van die respondente se persepsie van predikante van die NG Kerk is goed. Hoewel negatiewe persepsies geopper is, word dit deur die positiewe oorskadu.

Dit sou baie saak maak indien die NG Kerk sou ophou bestaan

Die respondente wat meen dat dit baie sou saak maak indien die NG Kerk sou ophou bestaan is ver in die meerderheid. Hierdie response dui op die algemene waarde wat die groepe aan die rol van die kerk in die samelewing in die breë heg.

NG Kerk is toegewy aan die God van die Bybel

Die oorgrote meerderheid van die respondente stem saam dat die NG Kerk toegewy is aan die God van die Bybel. Die meerderheid van die groepe respondente is dus van mening dat die kerk hom bepaal by sy roeping.

NG Kerk gee om vir mense

Die meerderheid van die respondente is oortuig dat die NG Kerk sy omgee vir mense uitleef.

Media dra 'n positiewe beeld van die NG Kerk oor

Die meerderheid repondente meen dat die rol wat die media teenoor die NG Kerk speel nie positief is nie. Hierdie situasie dui dus daarop dat daar van die NG Kerk se kant af meer aandag geskenk kan word aan die beeld van die kerk in die breë media.

Areas waar die kerk 'n rol in ons gemeenskap behoort te speel

Die verwagting is dat die kerk 'n groot rol moet speel in sosiale opheffing en opleiding, terwyl die werklike kerklike pligte tot 'n mate op die agtergrond geskuif word. Hierdie dui in 'n mate op die fisiese nood wat in baie gemeenskappe hoogty vier.

VRAE VIR LEDE VAN DIE NG KERK ALLEENLIK

Oorweging om die NG Kerk te verlaat

Die indruk is dat die lidmate van die NG Kerk tevrede is met hul lidmaatskap en nie oorweging daaraan skenk om die kerk te verlaat nie.

Redes waarom lidmate die NG Kerk wou verlaat

Die redes wat deur die respondente genoem is waarom hulle die NG Kerk sou verlaat is wyd uiteenlopend. Daar is dus nie besondere of baie spesifieke redes waarom respondente dit sou oorweeg om die NG Kerk te verlaat nie.

Positiewe ingesteldheid teenoor die NG Kerk, maar nie my gemeente nie

Die grootste persentasie van die respondente stem beslis nie saam nie dat hulle positief ingestel is teenoor die NG Kerk, maar nie teenoor hulle gemeente nie. Al die belangegroepe het hierdie stelling grotendeels ondersteun.

Positiewe ingesteldheid teenoor my gemeente, maar nie die NG Kerk nie

Die grootste persentasie van die respondente stem beslis nie saam met die stelling dat hulle positief ingestel is teenoor hulle gemeente, maar nie teenoor die NG Kerk nie.


Kennis van NG Kerk publikasies

Die meerderheid van die respondente het beslis of tot 'n mate kennis gedra van NG Kerk publikasies terwyl 'n aansienlike persentasie nie regtig nie of glad nie van enige van die kerk se publikasies geweet het nie. Hierdie is 'n uitdaging wat opgeneem behoort te word, hoewel dit moontlik aansienlike kostes kan meebring.

Spesifieke publikasies

Die publikasies waarvan die meeste respondente geweet het was die Kerkbode.

Die indruk is dat besighede die meeste blootstelling aan 'n verskeidenheid van publikasies het van al die groepe, gevolg deur kultuurorganisasies, joernaliste, welsyn en kerke. Dit is egter duidelik dat publikasies tans weinig van die belanghebbergroepe bereik. Hieraan behoort aandag gegee te word.



3. Aspekte wat aandag vra

(a) Openbare betrekkinge

(a) Openbare betrekkinge

- **Joernalistiek – persvryheid.**
- **Openbare betrekkinge – beeldbou.**
- **Persverklarings en perskonferensies.**
- **Reageer op gebeure en navrae.**



3. Aspekte wat aandag vra

(a) Openbare betrekkinge

(b) Nuusdiens

(b) Nuusdiens

- **EKD (Duitsland)**
- **Tm (Wellington)**

- ***Daaglikse kerknuus***
- ***Weeklikse nuusbriewe***
- ***Weeklikse artikeldiens***
- ***Biblioteek***



3. Aspekte wat aandag vra

(a) Openbare betrekkinge

(b) Nuusdiens

(c) Gedrukte media

(c) Gedrukte Media

Word die beste benut.

Sikliese produkte vra marknavorsing.

Verbeeldingryke bemarking.



3. Aspekte wat aandag vra

- (a) Openbare betrekkinge**
- (b) Nuusdiens**
- (c) Gedrukte media**
- (d) Radio en Televisie**

(d) Radio en Televisie

- ❑ **NG Kerk onttrek aan CNW.**
- ❑ **Geen inspraak by RSG.**
- ❑ **Geen direkte toegang tot TV-program(me).**
- ❑ **Nuusdekking by uitsondering.**
- ❑ **Mediadekking en blootstelling deel van kommunikasie-strategie.**



3. Aspekte wat aandag vra

- (a) Openbare betrekkinge**
- (b) Nuusdiens**
- (c) Gedrukte media**
- (d) Radio en Televisie**
- (e) Internet**

(e) Internet

- **“Nuus – meer belangrijk vandag.”**
- **CNN (1991)**
- **Koerant-lees steeds gewild.**
- **Koerant-lees hoef nie te soek na biljoene “bits en bytes”.**
- **Internet beïnvloed manier waarop media nuus hanteer.**